

# Matieland

2014

UITNEMENDHEID | **STORMVOËL** | NANOSKYFIE | KLOPSE | DOMINOES  
FORECASTING | PREJUDICE | DAVID BUTLER | **ERNST VAN DYK**  
TUBERCULOSIS | **ROOIBOS** | RENEWABLE | DIVERSITEIT

**MAX DU PREEZ**  
stormvoël van die  
joernalistiek


**Lusaka**  
'TROUBLEMAKERS'  
reunite

**Russel Botman:**  
hulde aan ons  
'MAN VAN HOOP'

JOU  
**suksevolle**  
UNIVERSITEIT



# Inspiring thought leadership across Africa and beyond



## Our service offering:

Open-enrolment programmes • Corporate partnership programmes • Centres of Excellence: Applied Entrepreneurship; Business in Society; Business Management of Projects; Positive People @ Work

Interventions may be presented in-house, anywhere in Africa. Contact us: [info@usb-ed.com](mailto:info@usb-ed.com) / +27 21 918 4488

# Matieland



ALUMNI

UNIVERSITEIT  
STELLENBOSCH  
UNIVERSITY



## INGETEKEN

OP MATIELAND?

*Matieland*, met sy vars alumni- en Universiteitsnuus, word gratis aan alumni gestuur wat daarop inteken. Kies tussen die gedrukte weergawe (meestal in Afrikaans) en 'n aanlynweergawe. Aanlyn is *Matieland* volledig in Engels beskikbaar.

MAAK SÓ OM IN TE TEKEN:

1. **SKAKEL** ons by tel. 021 808 2709/10/11 of
2. **E-POS** ons by [alumni@sun.ac.za](mailto:alumni@sun.ac.za)

## WEET JY VAN DIE ALUMNI-HUBS?

Die Stellenbosch Alumniverhoudinge-span rig plaaslike en internasionale alumni-nawe (oftewel *hubs*) op om die skakeling tussen alumni onderling te verbeter deur gereelde netwerkings- en sosiale geleenthede aan te bied.

VIR MEER INLIGTING oor hoe om 'n hub in jou area te stig of by een van ons gevestigde hubs aan te sluit, stuur 'n e-pos na [alumni@sun.ac.za](mailto:alumni@sun.ac.za).



## SUBSCRIBED

TO MATIELAND?

*Matieland*, jam-packed with alumni and University news, is available free of charge to alumni subscribing to the magazine. Choose between the printed version (mostly in Afrikaans) and an online version. The online version is available in English.

HOW TO SUBSCRIBE:

1. **PHONE** us at tel. 021 808 2709/10/11 or
2. **E-MAIL** us at [alumni@sun.ac.za](mailto:alumni@sun.ac.za)

## DO YOU KNOW OF THE ALUMNI HUBS?

The Stellenbosch Alumni Relations team are establishing alumni hubs both locally and internationally to connect alumni in specific regions with one another through regular networking and social events.

FOR MORE INFORMATION on starting or joining an existing hub in your area, send an e-mail to [alumni@sun.ac.za](mailto:alumni@sun.ac.za).



UNIVERSITEIT • STELLENBOSCH • UNIVERSITY  
jou kennisvennoot • your knowledge partner

VIND ONS HIER/FIND US HERE



[www.facebook.com/  
stellenboschalumni](http://www.facebook.com/stellenboschalumni) of/or  
[www.facebook.com/  
stellenboschuniversity](http://www.facebook.com/stellenboschuniversity)



[www.youtube.com/  
stellenboschuni](http://www.youtube.com/stellenboschuni)



@SU\_Alumni  
of/or  
@stellenboschuni





# IRMA KNIPE

## EIENDOMME PROPERTIES

### STELLENBOSCH

Kantoor 021 886 4108  
Faks 086 620 3478

info@irmaknipeproperties.co.za  
www.irmaknipeproperties.co.za

STELLENBOSCH R2 650 000



Bedrooms 3 Bath 2 WEB 3219613

**PARADYSKLOOF. Sole mandate.** Beautiful town house in a security estate in Lieberheim. Two sunfilled patio's. Small garden. Modern with lots of charm.

STELLENBOSCH R3 995 000



Slaapkamers 4 Bad 2 WEB 3176490

**DIE BOORD.** Geleë in baie stil straat naby die Medi Clinic. Stapafstand na top skole en winkelsentrum. Studeerkamer, dubbelmotorhuis en ruim aparte woonstel.

STELLENBOSCH R1 550 000



Slaapkamers 1 Bad 1 WEB 3214603

**HET BEGIJNHOF. Alleenmandaat.** Netjiese woonstel met onderdak parkering en groot patio. Stap oor die straat na jou klasse. Geleë op die Groen Roete.

STELLENBOSCH R2 300 000



Eenmanswoonstel Bad 1 WEB 3211885

**CHRISTELLAHOF. Alleenmandaat.** Baie ruim en moderne noordfront gemeubileerde woonstel in Victoriastraat. Toesluit motorhuis.

STELLENBOSCH R3 995 000



Slaapkamers 5 Bad 3 WEB 3219605

**UNIEPARK. Alleenmandaat.** Geleë in 'n stil doodloopstraat op 'n erf van 1765m<sup>2</sup>. Onbelemmerde uitsigte. Tennisbaan. Naby topskole, universiteit en Jonkershoekvallei.

STELLENBOSCH R4 350 000



Slaapkamers 5 Bad 4 WEB 3199492

**PARADYSKLOOF. Gedeelde Mandaat.** Onbelemmerde wingerd- en berguitsigte vanaf balkon en patio. Moderne afwerkings. Aparte tuinwoonstel.

STELLENBOSCH R1 495 000



Slaapkamers 1 Bad 1 WEB 3219802

**BOTMAZICHT.** Nuwe vrystelling op kampus. Noordfront woonstel met ruim oopplan leefvertrek. Kom selde in die mark. Goeie sekuriteit. Braaigeriewe in kompleks.

WOONSTELLE TE KOOP

Verreweide 14	Eenmans	R680 000
Vier Eike	Eenmans	R849 000
Prinspark	1 Slpk	R585 000
The Cottages	1 Slpk	R885 000
Emerald Court	2 Slpk	R750 000
La Rez	2 Slpk	R820 000
De Eike	2 Slpk	R820 000
Nooitgedacht	2 Slpk	R985 000
Het Begijnhof	2 Slpk	R1 850 000
Berg en Dal	3 Slpk	R1 400 000

STELLENBOSCH R4 900 000



Bedrooms 4 Bath 4 WEB 262996

**ROZENDAL. Sole mandate.** Stunning property in sought after neighbourhood close to schools and university. Spacious rooms with easy flow to entertainment area.

STELLENBOSCH R1 625 000



Slaapkamers 3 Bad 1 WEB 321964

**LA COLLINE.** Moderne woning ideaal vir die jong werkendes of vir persone wat wil afskaal. Lae onderhoud tuin. 'n Woonbuurt wat al hoe meer gewild word om in te belê.

STELLENBOSCH R1 480 000



Eenmanswoonstel Bad 1 WEB 319597

**HUIS PIRON. Gedeelde Mandaat.** Moderne grondvloer woonstel baie naby Coetzenburg Stadion. Ondervloerse verhitte en lugversorging. Kelderverdieping parkering.

STELLENBOSCH vanaf R880 000




Eenmanswoonstel Bad 1 WEB 302284

**MANNHEIM.** Nuwe ontwikkeling in Die Weides. Betaal geen hereregte. Moderne eenhede met goeie sekuriteit. Parkering en braaigeriewe in kompleks.

# inhoud

Matieland  
2014

# contents



## GEREELD | REGULAR

- 1 Inligtingsblad | Information page
- 4 Redakteursbrief | Editors letter
- 5 Briewe | Letters
- 32 In memoriam
- 80 Agterblad: Argief

## JOU SUKSESVOLLE UNIVERSITEIT | YOUR SUCCESSFUL UNIVERSITY

- 8 Dit gaan goed met jou universiteit!
- 10 Jou suksesvolle universiteit:  
7 Dinge wat jy moet weet

## TOTSIENS, PROF RUSSEL | GOODBYE, PROF RUSSEL

- 18 Hulde aan 'man van hoop'

## BETROKKE | INVOLVED

- 24 Max du Preez: stormvoël van die joernalistiek
- 26 SU alumni making their mark in renewable-energy sector
- 27 Nyukela notes
- 28 Lusaka 'troublemakers' reunite after 25 years
- 30 Brandewyn, bier en sauvignon blanc die vroue neem oor!
- 30 Drie geslagte geskiedenisprofessore uit Simonsberg
- 30 Prof Daan Strydom-beurs geniet wye steun
- 31 Impact of R12 million grant to extend far beyond SA borders

## JOU UNIVERSITEIT | YOUR UNIVERSITY

- 34 Nanoskyfie kan bakterieë en virusse binne minute identifiseer
- 36 MGD: Changing lives through community interaction
- 38 Van skoolkys-briewe tot gedigte in US se Dokumentesentrum
- 39 Klopse gee hoop vir jong musici
- 40 Nuusbrokkies | News snippets
- 42 Personeelnuus | Staff news
- 43 Greening up the Campus
- 44 Breaking barriers with Technology
- 46 Joint degrees at Stellenbosch
- 48 Economic forecasting at the BER
- 49 Nuwe USB-direkteur
- 50 USB's 50th anniversary
- 52 Law faculty honours legendary David Butler
- 53 SU Centre for Pedagogy already a leader in its field
- 54 Rekenaarwetenskap
- 56 'n Nuwe kykie na hout
- 57 "Horse in my wors"
- 58 Fakulteitsnuus | Faculty news
- 60 Arts Faculty produces the highest PhD output for 2013 academic year
- 61 Prejudice affected more by where you live, than who you know
- 62 SU's tuberculosis research world-class
- 63 Tygerberg Maties to focus on lifelong development of competencies
- 64 Rooibos helps protect against skin cancer



## STUDENTE | STUDENTS

- 66 Nuusbrokkies | News snippets
- 68 US verbind tot volhoubare ontwikkeling

## AKTUEEL | CURRENT

- 70 Só benader Universiteit die veiligheidsituasie
- 71 'Elkeen het hul eie style van speel'
- 72 Boekmerk
- 73 Marlene van Niekerk oor nie-stiltes tussen werke, openbare besprekings en versadiging
- 74 New museum director wants to create safe space for dialogue
- 76 Sportnuus | Sport news
- 78 Geen 'vervaldatum' vir superster Ernst
- 79 Nuwe hoofdirekteur vir Maties Sport



28





**Matieland** is die nuus- en alumni tydskrif van die Universiteit Stellenbosch / **Matieland** is the news and alumni magazine of Stellenbosch University

Ge publiseer sedert 1957 / Published since 1957  
Jaargang/Year 57 01:2014  
ISSN 0025 5947

**REDAKTEUR/EDITOR**  
Martin Viljoen

**REDAKSIEKANTOOR/ EDITORIAL OFFICE**  
Korporatiewe Bemaking / Corporate Marketing,  
Universiteit Stellenbosch/  
Stellenbosch University,  
Privaat Sak/ Private Bag XI, Matieland 7602  
Tel. 021 808 4921  
Faks/Fax 021 808 3800  
E-pos/E-mail: media@sun.ac.za

**SIRKULASIE/ CIRCULATION**  
Malena Fourie, Privaat Sak /  
Private Bag XI, Matieland 7602  
Tel. 021 808 4843  
Faks/Fax 021 882 8405  
E-pos/E-mail: alumni@sun.ac.za

**ONTWERP EN UITLEG/ DESIGN AND LAYOUT**  
SUN MeDIA Stellenbosch  
www.africansunmedia.co.za

**DRUK/PRINTING**  
SUN MeDIA Stellenbosch  
www.africansunmedia.co.za

**MEDEWERKERS/ CONTRIBUTORS**  
Ilse Arendse • Mandi Barnard • Alec Basson •  
Karlien Breedt • Engela Duvenage • Wiida  
Fourie-Basson • Malena Fourie • Simon  
Cashmore • Jan-Jan Joubert • Sonika Lamprecht •  
Rob Mash • Anneke Müller • Wayne Müller •  
Pia Nanny • Stephanie Nieuwoudt • Lynne  
Rippenaar-Moses • Desmond Thompson • Liezl  
Scholtz-Benjamin • Ben Smit • Dirkie Smit •  
Wilma Stassen • Antoinette van der Merwe •  
Emily van der Merwe • Viljoen van der Walt •  
Leopoldt van Huyssteen • Andreas van Wyk •  
Eunice Visagie • Heindrich Wyngaard

Menings uitgespreek in *Matieland* is nie noodwendig dié van die redakteur of die Universiteit Stellenbosch nie / Viewpoints expressed in *Matieland* are not necessarily that of the editor or Stellenbosch University

# Om lekker te moan

Ons kan tog so lekker *moan* in dié mooi land van ons. As dit nie die Springbokke, Proteas én Bafana is wat *choke* in 'n kwart- of halfeindstryd nie, is dit skoonma se tong, slaggate, korrupsie, misdaad, tolpaaië, die kinders se musieksmaak, jou pelle se braaitegniek en jou hond wat straat toe hol as hy die geringste kans kry. Baie van die kritiek is natuurlik geregtig en mens wil hê dinge moet vorentoe beter gaan. Ministers wat droogmaak moet bedank, ons woonbuurte móét veiliger wees en jy hoef nie 'n foonjie te gee as jou steak by die gesinsrestaurant soos buiteband proe nie.

## Dis soos om die enigste ou te wees met braaisout én 'n braaitang.

Hóé jy kla is natuurlik deurslaggewend, maar dit los ons vir 'n ander dag. Jou *alma mater* is nie gevrywaar van kritiek nie en 2014 was nie 'n lammetjie wat dit betref nie. Die kartetse het behoorlik gevlieg. Hoeveel van dié kritiek geregtig was, is nie nou die kwessie nie. Daarmee saam staar universiteite die wêreld oor vele uitdagings in die gesig. In sy artikel oor hoe dit met die Universiteit gaan, noem prof Leopoldt van Huyssteen, Waarnemende Rektor en Visekanselier, enkele van dié uitdagings. Daar is egter baie waarop ons trots kan wees. Hierdie uitgawe van *Matieland* fokus juis daarop – op dit wat ons reg doen en waarin ons suksesvol is. Immers gee jou universiteit in vele opsigte die pas aan in Suid-Afrika. Vir gesels om die braaivleisvuur saam met jou pelle wat tot hul spyt elders gaan swot het, gee ons jou dus lekker skietgoed. Dis soos om die enigste ou te wees met braaisout én 'n braaitang.



### Hamba kahle, prof Russel

*Matieland*-tydskrif groet ook ons man van hoop, prof Russel Botman. Hiernaas is my gunstelingfoto van prof Russel. Dis asof hy vir ons elkeen vra: "Wat doen jý vir die land en sy mense?" Mooi loop, prof Russel, ons mis jou lekker lag hier buite die kantoorvenster.

Martin

### Jóú mening

*Matieland* is baie afhanklik van jou terugvoer. Gesels met ons by tel 021 808 4921, e-pos media@sun.ac.za, faksno 021 808 3800 of as jy pen wil opneem: skryf aan: *Matieland*, Afdeling Korporatiewe Bemaking, Universiteit Stellenbosch, Privaat Sak XI, Matieland, 7602. Die US tweet via @stellenboschuni

# briewe

## 3½ days to Durban!

WINNING LETTER

Steve Johnston, Rondebosch

In June 1958 cross-country at SU was in a parlous state! They wanted to send a team to the SA cross-country championships in Durban, but needed five runners and only had four. Also no money...

I was a field athlete but they roped me in, since although I couldn't run, I was the only one with a car – my mother's 20 year old Chev with a dicky-seat.

The University offered us ten rand each, so we reckoned that if four of us went together we could just cover the petrol.

Eben Theron, Mike Walters, Dak Geldenhuys and I set off and travelled for

3½ days at less than 60kph in order to save fuel. This was embarrassing when we accumulated long lines of cars behind us. We had a hike tent for two people, but found it crowded with four "sardines" packed in, so two slept in the car.

We arrived stiff and tired in Durban the day before the race. Eben managed 4<sup>th</sup> place and made the SAU team, and I, 54<sup>th</sup> out of 60.

The others elected to hitch home so I drove back alone. We felt proud that we had supported our University in spite of the challenges.

Steve obtained the degree BSc in 1959



Steve Johnston, Mike Walters and Eben Theron



Steve Johnston, Eben Theron and Mike Walters (sitting) Photos taken by Dak Geldenhuys and provided by Steve Johnston.

## Iets op die hart?

Kry dit van jou bors af! Briewe in *Matieland* kom in aanmerking vir 'n naweek vir twee in Eendracht Hotel. Stuur jou brief van 200 woorde of minder aan:

Die Redakteur: *Matieland*, Korporatiewe Bemaking, Universiteit Stellenbosch, Privaat Sak XI, Matieland 7602,

of faks dit na 021 808 3800, of stuur per e-pos na media@sun.ac.z



ELEGANT SOUTH AFRICAN HOSPITALITY  
STYLVOLLE SUID-AFRIKAANSE GASVRYHEID  
**EENDRACHT**  
\*\*\*  
AWARD WINNING HOTEL  
PRYSWENNER HOTEL

## Die toonbeeld van nagraadse statuur

Jan Wagener, Hermanus

In 1972 was ons 'n groepie eerstejaar regstudente in Eendrag. Reeds in dooptyd het ons hulle ontmoet; die hooggeagte vyfdejaar regstudente. Saans moes ons in die ontspanningsaal staan en die oumanne, soos hulle voor ons verbybeweeg, persoonlik leer ken.

Dit was ook van ons verwag om te weet waar elkeen vandaan kom, wie sy kamermaat is, wate kar hy ry en wat hy swot. By tye het dit moeilik gegaan, maar 'n paar het van meet af uitgestaan en was spoedig welbekend: "Mnr is mos finalejaar LLB". Dit het grotes ingesluit soos Michiel le Roux, Fritz Brand, Chris Otto, Peet Coetsee en Albert van Zyl. In die blote teenwoordigheid van hul omvangryke geleerdheid, kon ons reeds sien hoe strek ons eie roemryke loopbane voor ons uit tot waar dit eindig as Hoofregter of minstens QC.

Veral Chris Otto was die toonbeeld van nagraadse statuur. Sy standaard uitrusting was 'n wit Oxford University T-hemp, 'n groen sweetpakbroek, tekkies en 'n "Otto-baadjie".

Laasgenoemde was ligbruin en gemaak van egte nagemaakte suede en uitgevoer met egte nagemaakte skaapwol. Hy het soggens laat geslaap en wanneer ons 'n paar minute bene rek voor die Wilcocksgebou, dis nou tussen Latyn Beginners en Engels Spes, sou ons hom in Van Ryneveldstraat sien afry in die rigting van die Suid-Wes Stoep waar sy ontbyt gewag het.

Sy kar het groot bande gehad en ook 'n dik uitlaatpyp wat diep geroggel het aan die agterkant. Aan die begin van my tweedejaar het ek vir my ook 'n Otto-baadjie by Oom Pikkie Blommaert se winkel gekoop en het ek dit vir baie jare gedra.

Vandag is ek 'n prokureur wat 35 jaar gelede toegelaat is en die jong kollegas spreek my aan as "Oom". Voorgraads en nagraads rus ver in die verlede en geleerdheid is ook maar relatief. Gelukkig maak dit nie meer saak nie, want ek weet Eendrag se fondasie van destyds staan steeds sterk en in die agtergrond hoor ek nog Oom Bun wat spog met sy handuigtsoekte manne.





African elephants are skilled in their environment. They use their tusks, trunks and feet to find food and water, and survive in any situation.

## We offer education that will make you thrive in any place and position.

*We know Africa. We train its leaders.*

### Master's Degrees

MBA  
MPhil in Development Finance  
MPhil in Management Coaching  
MPhil in Futures Studies

### Postgraduate Diplomas

PGD in Leadership Development  
PGD in Development Finance  
PGD in Project Management  
PGD in Futures Studies  
PGD in Business Management and Administration\*

(\* subject to final approval by the SA Council on Higher Education)

### PhDs

Business Administration  
Development Finance

### Executive Education

Comprehensive and discipline-specific programmes

[www.usb.ac.za](http://www.usb.ac.za) • +27 (0)21 918 4246 • [usbcom@usb.ac.za](mailto:usbcom@usb.ac.za)



We have all 3 international accreditations - AACSB, EQUIS and AMBA. USB is ranked Top Business School in South Africa for PMR.africa 2014. USB-ED features in the *Financial Times* 2014 Global Top 100 ranking (#61: Open Programmes; #68: Customised Programmes).

USB 14021E



# JOU SUKSESVOLLE UNIVERSITEIT/ YOUR SUCCESSFUL UNIVERSITY



# Dit gaan GOED met jou universiteit!



2014 was vir die Universiteit Stellenbosch (US) sekerlik een van sy mees uitdagende jare nog. Die ontydige dood van ons Rektor en Visekanselier, prof Russel Botman, was 'n geweldige skok vir ons almal. Ons troos lê egter in sy nalatenskap en ons volg steeds die koers wat hy bepaal het, skryf prof **Leopoldt van Huyssteen**, Waarnemende Rektor en Visekanselier.

Ondanks uitdagings soos deurlopende transformasie, groter toegang tot hoër- en onderwys, befondsing en die effek van die inligtingsera, gaan dit goed met jou *alma mater*!

Dit kan ek met 'n geruste hart sê omdat ons 'n duidelike roetekaart het – die Institusionele Voorneme en Strategie wat in 2013 deur die Raad goedgekeur is (Sien *Matieland* 2013:1 vir meer inligting). Dié roetekaart is waarskynlik prof Botman se grootste nalatenskap en iets wat hy self as 'n persoonlike hoogtepunt in sy loopbaan beskryf het.

Die hoeksteen van hierdie dokumente is ons Visie 2030, 'n opsomming van waarheen ons op pad is. Hiervolgens wil ons meer inklusief, meer innoverend en meer toekomstgerig wees. Dis hoe jou alma mater geposisioneer word.

Hoe bereik ons hierdie doelwitte? Om meer inklusief te word, moet ons meer toeganklik raak, om meer innoverend te wees, moet ons volhou met uitnemendheid en om meer toekomstgerig te wees, moet ons vandag impak maak om te verseker môre lyk anders as gister.

As ons dit alles reg doen, sal ons nie net oorleef nie, maar gedy en sal dit goed gaan met ons afgestudeerdes. Soos prof Botman gesê het, ons sien uit daarna om weer Maties in die kabinet te sien.

## Waarop kan ons trots wees?

Toekomsplanne is een ding, maar hoe gaan dit nou met ons?

Die US vaar beter as ooit. Volgens die *Times Higher Education World University Rankings 2014-15* wat onlangs verskyn het, tel ons nou onder die top 300.

Maar ranglyste is nie ons doelwit nie – eerder stelselwye uitnemendheid – in navorsing, in onderrig, in gemeenskapsinteraksie, asook in die bedryfs- en steundiensomgewings. Dit verg spanwerk!

## Wat diversiteit betref, het ons 35.7% bruin, swart en Indiër eerstejaars en die doelwit is 50% teen 2019

Hierdie *Matieland* belig verskeie van die onlangse suksesse van die Universiteit. Ek noem egter enkele:

- Die US het die hoogste geweege navorsingsuitsette per voltydse akademiese personeelid van alle Suid-Afrikaanse universiteite.
- Ons het 26 navorsingleerstoele en sewe Sentrums van Uitnemendheid.
- In 2012 het ons 'n rekordgetal van 240 doktorsgrade gelewer – 'n toename van 112% sedert 2002. In hierdie verband

is ons baie trots op 33 hoogleraars wat voortaan as uitgelese professore bekend gaan staan – nog 'n inisiatief van wyle prof Botman.

Op die gebied van gemeenskapsinteraksie, is die Tailloires-netwerk een van die belangrikste internasionale liggamme. Dié netwerk van 315 instellings in 72 lande het 'n gekombineerde studentetal van meer as ses miljoen studente. Hul leierskonferensie is vroeg in Desember by Spier gehou met die vier Wes-Kaapse universiteite wat gesamentlik gasheer speel, maar met die US wat die voortou neem.

Dr Jerome Slammat, ons Senior Direkteur: Gemeenskapsinteraksie, is sameroeper van die plaaslike reëlingskomitee en ons Afdeling Korporatiewe Bemaking, het logistieke steun verskaf.

Wat sport betref, is ons veral opgewonde oor ons nuwe Strategiese Raamwerk en Implementeringsplan vir Sport. Daarmee saam het ons onlangs vir die eerste keer 'n Hoofdirekteur: Sport aangestel.

Die US Koor verdien 'n spesiale pluimpie. Onder leiding van koormeester André van der Merwe is die koor in Junie by die Wêreld Koorspele as driedubbele wereldkampioene gekroon (sien artikel op bl. 15).

## Studentesukses

Studentesukses is 'n strategiese prioriteit vir die US. Die sukseskoers van ons voorgraadse

studente is nou bo 83,3% - ook die heel beste in die land (sien artikel op bl. 13). Dié sukses word behaal te midde van die samestelling van ons studenteliggam wat besig is om te verander. So, diegene wat aanvoer uitnemendheid kom in gedrang wanneer diversiteit verhoog word, is verkeerd.

Wat diversiteit betref, het ons 35.7% bruin, swart en Indiër eerstejaars en die doelwit is 50% teen 2019 (sien artikel op bl. 14).

Ek moet ook noem dat die US een van die universiteite in Suid-Afrika is wat die meeste beurse gee. In 2013 was dit R530 miljoen. Alle studente kan in aanmerking kom vir voorgraadse merietebeurse terwyl daar werwingsbeurse vir swart, bruin en Indiër-studente is en verdienstelikebeurse vir arm studente.

Ek doen 'n spesiale beroep op ons alumni om die volgende geslag Maties dieselfde geleenthede te gee wat hulle gesmaak het deur geld vir beurse te skenk. 'n Universiteitsopvoeding bly mos een van die beste maniere om in die toekoms te belê.

## Uitdagings

Die hoëronderwys is besig om radikaal te verander weens die impak van inligtings- en kommunikasietegnologie (IKT). Daar word selfs voorspel dat die helfte van universiteite binne 'n paar dekades kan verdwyn namate die aanlyn-leeraanbod toeneem. Maar daar word ook voorspel dat 'n universiteit soos Harvard letterlike miljoene studente kan hê – in die kuberruim.

Verdwyn is nie 'n opsie vir ons nie. Ons werk hard aan die oordeelkundige gebruik van IKT in ons studente se leerervaring. Die goeie nuus is dat die Raad R218 miljoen toegewys het vir IKT om die reikwydte en rykheid van ons akademiese aanbod uit te brei.

Ondanks die kuberruim bly fisiese fasiliteite steeds belangrik. Onder

die onlangse nuwe geboue is 'n groot koshuisbouprojek wat bestaan uit 'n nuwe seniorkoshuis en aanbouings by die Irene, Huis Marais en Huis Visser koshuise. Altesaam 769 beddens is so bygevoeg.

Op die Tygerberg-kampus 'n groot opgraderingsprojek afgehandel wat twee groot lesinglokale met moderne elektronika insluit. Ook hier is 'n nuwe koshuis bekendgestel.

## Volgens die Times Higher Education World University Rankings 2014-15 tel ons nou onder die top 300

### Mobiliteit

Die US het 'n ongekende groei in studentegetal beleef – van ongeveer 20 000 in die jaar 2000 na sowat 29 000 in 2014. Daarmee saam gebruik 43% van die studente en 82% van die personeellede hul eie motors. Ons het dus 'n groot tekort aan parkeerplekke en die groot hoeveelheid motors is sleg vir die omgewing.

Die Universiteit het drie jaar gelede 'n mobiliteitsplan vir volhoubaarheid bekendgestel. Dié gemengde model sluit in stap, fietsry, saamry en die gebruik van openbare vervoer. Die Matie Fiets is 'n groot sukses. Sowat 400 fietse is jaarliks te huur en almal word gou opgeraap. Ons het ook sukses met ons Matie Bus, ons kampuspendeldiens, met nagenoeg 500 passasiers wat dit daagliks gebruik.

### Innovasie

Innovasie, ons tegnologie-oordrag maatskappy verantwoordelik vir die kommersialisering van ons intellektuele

eiendom deur patentering, lisensiering en afwettelmaatskappye, lewer 'n belangrike bydrae tot ons sukses. Ook hier gee Maties die toon aan. Tans registreer ons meer patente as enige ander universiteit.

Die Universiteit se LaunchLab is 'n besigheidsinkubator vir entrepreneurs. Dit verskaf nie net huurspasie en IKT-infrastruktuur nie, maar skep ook 'n omgewing waarin jong entrepreneurs kan ontwikkel na die volgende vlak toe – in ooreenstemming met wat die beste universiteite wêreldwyd doen.

### Staatsubsidie

Staatsubsidie aan die US daal steeds – van 41% van die US se totale begroting in 2000 na 25% in 2015. Dis wêreldwyd die tendens, veral na die onlangse finansiële krisis. Maar wat ons beter as baie ander universiteite regkry, is om self inkomste te genereer. Meer as die helfte van ons inkomste is vanuit die sogenaamde derde geldstroom (navorsingsbydraes) en vierde geldstroom (skenkingsbydraes).

Die Universiteit het tans meer as 2 500 navorsingskontrakte en jaarliks ontvang ons skenkings van digby R200 miljoen.

Dit is presies wat nodig is om die voortbestaan van hierdie universiteit te verseker. ■



Ondersteun die

## Russel Botman Beursfonds

By geleentheid van wyle prof Russel Botman se 60ste verjaarsdag in 2013 is die Russel Botman Beursfonds bekendgestel. Alumni en vriende van die Universiteit Stellenbosch word genooi om die Beursfonds te ondersteun wat gebruik sal word om verdienstelike studente finansiële by te staan.

Aanlynskings kan via die Universiteit se webwerf by [www.sun.ac.za](http://www.sun.ac.za) (klik op "Alumni") en dan op "Skenk") gedoen word. Vir direkte inbetalings is die besonderhede: Standard Bank, rekeningnommer 07 300 695 5 en takkode 05 0610. Die verwysing "Botman" moet asb bygevoeg word.

WEES  
TROTS  
HIEROP

- Voorgraadse sukseskoers van 83,3% (hoogste in land)
- Hoogste geweege navorsingsuitsette per voltydse akademiese personeelid
- R218 miljoen vir IKT
- R530 miljoen vir beurse
- Registreer 59 patente afgelope vyf jaar, die meeste in die land
- 2 500 navorsingskontrakte
- R200 miljoen jaarlikse skenkings



# Jou suksesvolle universiteit: 7 DINGE | wat jy moet weet

Wat jy moet weet

# 1

## Jou universiteit is Afrika se NAVORSINGSLEIER!

Die Universiteit Stellenbosch (US) is die voorste navorsingsgedrewe hoërondwysinstelling in Afrika. Nie net spog jou alma mater met die hoogste geweeëde navorsingsuitsette per akademiese personeelid van alle Suid-Afrikaanse universiteite nie, die US het ook tans 26 navorsingsleerstoele en daar is 347 NNS-gegradeerde navorsers (vergeleke met die 113 in 2001). Hiervan is 14 A-gegradeerde navorsers – drie in die Geestes- en Sosiale Wetenskappe), nege in die Natuurwetenskappe, Ingenieurswese en AgriWetenskappe en twee in Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe).

### Die US se navorsingsuitsette maak dit 'n leier in Afrika

Die Universiteit bestuur ook sewe sentrums van uitnemendheid. Die US-navorsingsgemeenskap bestaan tans uit meer as 10 000 nagraadse studente, meer as 200 ná-doktorale genote en 975 akademiëci.

### Navorsingsuitsette

Die US se navorsingsuitsette maak dit 'n leier in Afrika. In 2012 produseer ons 'n volle 11% van Suid-Afrika se totale navorsingsuitsette – die meeste publikasieuitsetteenhede per kapita (1.36 eenhede per permanente akademiese personeelid). Met 3.06 eenhede het die Universiteit ook vir die vyfde jaar agtereenvolgens die hoogste geweeëde navorsingsuitset per kapita geproduseer. Verder het die US die tweede meeste eenhede (91.56) vir boeke en hoofstukke in boeke ontvang.

Die US was ook die eerste universiteit in Suid-Afrika om drie geweeëde navorsingsuitsette per kapita te oorskry.

Die Universiteit streef egter nie net na uitnemende navorsing nie, maar wil ook in 'n immer veranderende wêreld sosiaal relevant bly. Nuwe kennis word tot voordeel van die samelewing ontsluit en aangewend. Hierdie wetenskap vir-'n-beter-samelewingbenadering is waarom die US se HOOP Projek gegaan het. Dié projek is nou by die US se kernaktiwiteite geïntegreer – as't ware deel van die DNA van die universiteit.



## 'Botaniese goudmyn' vir navorsing oor inheemse plante

Die US is 'n navorsingsleier in onder meer biomediese tuberkulose, wynbiotegnologie, veekundige wetenskappe en wiskundige biowetenskappe. Die US neem egter ook toenemend die leiding in navorsing op inheemse plante wat vir onder meer medisinale doeleindes gebruik kan word.

'n Uitblikker-navorsers op dié gebied is dr Nox Makunga van die Departement Plant- en Dierkunde. Volgens Makunga het Suid-Afrika 'n ryke biodiversiteit met baie inheemse plante wat reeds as tradisionele medisyne gebruik word om talle siektes te behandel.

"Sowat 25% van alle algemene medisyne bevat ten minste een element wat van plante afkomstig is.

"Tradisionele medisyne is deel van ons gesondheidsorgstelsel. Sowat 70 tot 80% van die wêreld se bevolking gebruik steeds kruie-medisyne."

Makunga sê dat terwyl daar jaarliks wêreldwyd miljard dollars uit natuurlike

produkte genereer word, sukkel Afrika om sulke geleenthede optimaal te benut.

### 'Tradisionele medisyne is deel van ons gesondheidsorgstelsel. Sowat 70 tot 80% van die wêreld se bevolking gebruik steeds kruie-medisyne.'

"Hoewel ons 'n hoë biodiversiteit en ook 'n hoë bio-kulturele verskeidenheid het wat met mense se gebruik van plante verweef is, word die meeste van ons plantmateriaal



Dr Nox Makunga (foto: Justin Alberts)

in onverwerkte vorm na Europa uitgevoer sonder dat ons enige bykomende waarde daaraan te heg."

Volgens Makunga kan die gebruik van biotegnologie ons help om bykomende inkomste uit inheemse plante te verkry. "Ons het 'n botaniese goudmyn op ons voorstoep."

Sy voeg by dat die regering 'n ekonomiese strategie ontwikkel het om ons natuurlike hulpbronne volhoubaar te benut en bio-gebaseerde innovasie te dryf.

Ons moet egter ons planterik beskerm en ook ons inheemse kennis in sy huidige vorm vir die nageslag bewaar, sê Makunga. Akademiese omgewings en industrieë moet in dié verband saamwerk.

## FYNBOS dalk borskanker se MOSES

Borskanker is tans die mees gediagnoseerde vorm van kanker onder vroue en is ook verantwoordelik vir die meeste kankersterftes onder vroue. Maar in die nabye toekoms kan fynbos dalk ingespan word om dit hok te slaan.

Só meen dr Koch Visser, 'n na-doktorale genoot in die Departement Biochemie. Hy het in 'n onlangse doktrale studie bevind dat die fynbos plant, Cyclopia, wat gebruik word om Heuningbostee te maak, moontlik kan help om die ontwikkeling van borskanker te keer.

Visser het spesifiek gekyk na die effek van Cyclopia-ekstrakte op borskankerselle om die moontlike molekulêre meganisme agter hierdie effek beter te verstaan.

Hy het weefselkultuurtegnieke gebruik om die effek van ekstrakte, wat van gedroogde plantmateriaal verkry is, te toets. Met weefselkultuur word kommersieel beskikbare kankerselle wat in 'n laboratorium gekweek is en onbepaald kan vermeerder vir toetsing

gebruik. Volgens Visser is weefselkultuur veral handig om molekulêre meganismes uit te pluus aangesien dit makliker manipuleer kan word.

Hy voeg by dat dit ook as 'n vorm van kontrole dien aangesien dieselfde selle deur navorsers by ander instansies gebruik word en resultate dus vergelykbaar is.

"Ons het gevind dat Cyclopia-ekstrakte die estrogeen-geïnduseerde groei van borskankerselle keer deur estrogeen reseptor subtypes, wat die groei van sulke selle bevorder, te teiken en te inhibeer."

Estrogeen, die vroulike hormoon, verrig sy fisiologiese funksie deur middel van hierdie reseptor subtypes.

"Die feit dat Cyclopia-ekstrakte die reseptor subtypes teiken, werp lig op die moontlike meganisme waardeur die ekstrakte die groei van borskankerselle reguleer," sê Visser.

"Ek is veral opgewonde oor die bevinding dat Cyclopia-ekstrakte deur die spysverteringskanaal geabsorbeer word, en selfs teen hoë konsentrasies nie toksies is



Dr Koch Visser by die inkubator waarin kankerselle gehou word (Foto: Justin Alberts)

nie. Die ekstrakte stimuleer ook nie groei van die baarmoeder nie."

Dis belangrik aangesien verskeie studies al getoon het dat sekere middels teen borskanker die kans op kanker van die baarmoeder kan verhoog.

"Die moontlikheid bestaan dat hierdie navorsing 'n verskil mag maak vir vroue wat in die toekoms met borskanker gediagnoseer word. Dit is egter nog te vroeg om met sekerheid te sê hoe die uiteindelijke medisyne wat uit die Cyclopia-plant gemaak kan word sal lyk en hoe gereeld dit gebruik sal moet word."

"Ons is natuurlik hoopvol dat ons op die regte pad is en voel ons kan 'n daadwerklike bydrae maak tot die poel van kennis oor hoe borskanker ontwikkel."



## Bright minds appointed as distinguished professors

Some of the brightest minds work at Stellenbosch University. In August, 33 of these bright minds were honoured in being appointed as Distinguished Professors, an initiative by SU's late Rector and Vice-Chancellor, Prof Russel Botman.

This is a special honour bestowed on professors who have showed continuous excellent performance over the last three years; have international stature; proven exceptional performance and leadership in higher education in research and publications, postgraduate study

leadership, learning and teaching, and community interaction.

It is the first time that SU has created a formal position for recognition for the University's best academics.

The appointment also entails cultivating the next generation of "academic superstars" to guide this institution in the future.



The Distinguished Professors were honoured at a special function held in August. At the back are Prof Simon Schaaf, Paediatrics and Child Health; Prof Linus Opara, Horticultural Science; Prof Christo Boshoff, Business Management; Prof Willem Perold, Electrical and Electronic Engineering; Prof Louw Hoffman, Animal Sciences; Prof Jannie Hofmeyr, Biochemistry; Prof Mark Swilling, School for Public Leadership; Prof Jacques du Plessis, Private Law; Prof Robert Gie, Paediatrics and Child Health; Prof Keith Dietrich, Visual Arts; Prof Leslie Swartz, Psychology; Prof Bill Nasson, History and Prof Ashraf Kagee, Psychology.

In front are Prof Jens Kossmann, Institute for Plant Biotechnology; Prof Harald Pasch, Chemistry and Polymer Science; Prof Nina Schumann, Music; Prof Leon Dicks, Microbiology; Prof Dave Richardson, Botany and Zoology; Prof Kathy Myburgh, Physiological Sciences; Prof Emile van Zyl, Microbiology; Prof Arnold Schoonwinkel, Vice-Rector: Learning and Teaching; Prof Nulda Beyers, Paediatrics and Child Health; Prof Paul van Helden, Biomedical Sciences; Prof Anton van Niekerk, Philosophy; Prof Louise Viljoen, Afrikaans and Dutch; Prof Yusef Waghid, Education Policy Studies; Prof Lesley Le Grange, Curriculum Studies

and Prof Johann Mouton, Centre for Research on Evaluation, Science and Technology.

Not being able to attend the meeting were Prof Michael Samways, Conservation Ecology and Entomology; Prof Servaas van der Berg, Economics; Prof David Davidson, Electrical and Electronic Engineering; Prof André van der Walt, Public Law; Prof Bert Klumperman, Chemistry and Polymer Science and Prof Dirkie Smit, Systematic Theology and Ecclesiology (Photo: Anton Jordaan)



## Short courses at Stellenbosch University

For more detailed information and individual courses, course content, dates and duration and application procedure, please visit [www.shortcourses.sun.ac.za](http://www.shortcourses.sun.ac.za)

For more information

Short Courses Division, Stellenbosch University, 15 De Beer Street, Stellenbosch 7600 | Tel: 021 808 9068 | Email: [shortcourse@sun.ac.za](mailto:shortcourse@sun.ac.za) | Web: [www.shortcourses.sun.ac.za](http://www.shortcourses.sun.ac.za)



UNIVERSITEIT  
STELLENBOSCH  
UNIVERSITY



INNOVUS

Wat jy moet weet

# 2



Die Frederik Van Zyl Slabbert Instituut vir Studenteleierskapsontwikkeling was mede-aanbieder vir 'n spesiale aanbieding van Praat Saam op RSG op die Stellenbosch-kampus. Heel regs is die programaanbieder, Lynette Francis. Foto: Stefan Els

# Maties het die beste kans op akademiese sukses

Dis amptelik! Van al die universiteite in die land het Matie-studente die beste kans op akademiese sukses.

Die Universiteit het in onlangse jare vooraanstaande universiteite verbygesteek en spog nou met 'n voorgraadse sukseskoers van 83,3% (die beste in die land) en 'n deurvloei koers van meer as 85% vir eerstejaars (van die beste in die land).

Dié sukses kan aan verskeie inisiatiewe toegeskryf word. Die US spog met van die beste navorsers en dosente in die land, maar studente geniet ook finansiële en emosionele ondersteuning, taalondersteuning, loopbaan- en leierskapsontwikkeling, gemeenskapsbetrokkenheid én integrasie tussen dagstudente en koshuisbewoners.

Daarmee saam is daar ook inisiatiewe soos die eerste generasiekamp vir eerstejaarstudente, vroeë assessering, akademiese ondersteuning en die Eerstejaarsakademie.

Verder plaas die US sterk klem op die buite-klas-ervaring – in hul leefomgewings én wat leierskapsopleiding betref. (Sien *Matieland* 2013:1 vir meer inligting oor die invloed van die leefomgewing en die artikel hiernaas oor leierskapsopleiding aan die US.)

Ander faktore wat 'n groot rol speel is die Universiteit se welweesmentorprogram om studente te ondersteun om in alle opsigte gesond, gelukkig en goed aangepas te wees. Onder meer word alle eerstejaars in koshuise én privaat wyke outomaties by een van die meer as 400 senior studentementors ingedeel. Die US is waarskynlik die eerste en enigste universiteit wat, deur middel van opgeleide mentors, eerstejaarstudente se welwees so eksplisiet en doelbewus probeer verbeter.

## FVZS Instituut brei kortkurse uit



Toe die Frederik Van Zyl Slabbert Instituut vir Studenteleierskapsontwikkeling sy deure drie jaar gelede geopen het, is drie kortkurse aangebied. Die belangstelling in leierskapsontwikkeling was egter so groot, dat die aanbod deesdae op 12 kurse staan. En elkeen van hierdie kurse word uitstekend ondersteun deur studente wat gretig is om hul leierskapsvaardighede te verskerp.



2014 was ook 'n besonderse goeie jaar vir die Instituut wat die eerste van sy soort in die Suid-Afrikaanse hoër onderwys is om etiese leierskap te kweek en studente se leiers-, kommunikasie-, konseptuele en bestuursvaardighede te ontwikkel.



Een van die hoogtepunte is dat studente van die Universiteit van Kaapstad en Boland-Kollege danksy telematiese onderrig regstreeks by die kortkursus Demokrasie en Burgerskap kon inskakel. Daar word beoog om nog ander kampusse deur telematiese onderrig te bereik.



Vir die eerste keer het studente van die Militêre Akademie in Saldanha ook kurse van die Instituut bygewoon. Drie studente het weklíks die tog na Stellenbosch aangepak om deel te wees van die Vroue in Leierskapkursus.



Die Instituut is ook deur die Wes-Kaapse premier, Helen Zille, genader om betrokke te wees by haar YearBeyond-program. Hierdeur word vrywilligers – gematrikuleerdes of gegradueerdes – wat 'n gapingsjaar wil neem, betrek by onderpresterende skole waar hulle leerders sal bystaan. Die vrywilligers sal 'n kursus van die FVZS Instituut deurloop. Die kursus sal saamgestel word uit onder meer elemente wat reeds in van die ander kurse voorkom.



Die jaarlikse Leierskonferensie wat in September aangebied is, was 'n reuse sukses. Meer as 1 300 studenteleiers van al die Universiteit Stellenbosch se kampusse het byeengekom om deel te wees van die konferensie. Die fokus was op die US se Visie2030 sodat jong leiers die beginsels van hierdie strategiese inisiatief wat steun op die pilare van toekomsgerigtheid, inklusiwiteit, denkleierskap en innovasie kon internaliseer en met ander studente deel.



# Ons vorder goed met DIVERSITEIT

Jou *alma mater* se primêre doel is akademiese en navorsingsuitnemendheid, maar ons glo ook dat 'n diversiteit van personeel, studente, kennis, idees en perspektiewe die gehalte van die kern akademiese aktiwiteite selfs verder kan versterk. (Prof Leopoldt van Huyssteen verwys hierna in sy artikel op bl. 8)

Om hierdie rede is 'n onderskeidende kenmerk van die Universiteit om 'n inklusiewe en diverse ervaring vir ons studente en personeellede te skep om sodoende hulle volle potensiaal te ontsluit.

Bruin, swart en Indiër (BSI)-studente maak tans 'n derde van die instelling se voorgraadse studentetal uit en die doelwit is 50% teen 2018/2019. Op nagraadse vlak is BSI-studente reeds amper 50%.

Daarmee saam is verskeie inisiatiewe van stapel gestuur om kwessies soos gebrekkige onderwys, fondse vir universiteitstudie

en 'n kultuur wat baie beskou het as nie verwelkomend nie, kaalvuus te pak.

## 'n Onderskeidende kenmerk van die Universiteit is om 'n inklusiewe en diverse ervaring vir ons studente en personeellede te skep

Inisiatiewe sluit in 'n fokus op die skep van 'n verwelkomende kultuur; die verbreding van toegang wat betref taal via parallelmediumonderrig en opvoedkundige tolking; werwingsbeurse vir belowende BSI-studente; mentor en tutorprogramme; diversiteitsprogramme in koshuise (waar

'n nuwe koshuiseplasingbeleid in 2013 goedgekeur is om die sukses van kwesbare studente soos eerstegenerasie studente te verbeter); die Luister, Leef en Leer-huise en nawe om studente van verskillende agtergronde te integreer; 'n mobiliteitsplan vir studente wat moet pendel; en spesiale werwingsinisiatiewe om die diversiteitsprofiel van studente te verbeter.

Vroeër vanjaar het die Raad van die Universiteit ook 'n addisionele R102.3 miljoen vir beurse goedgekeur om die aantal BSI-studente te verhoog.

Aangesien wiskunde en wetenskap onderrig by baie skole veel te wense oorlaat, bied die Universiteit byvoorbeeld die SciMathUS-oorbruggingsprogram aan om opvoedkundig-benadeelde leerders 'n tweede kans te bied om vir universiteitstoelating te kwalifiseer. (Sien artikel op bl. 53)

Wat jy moet weet

# 3

Wat jy moet weet

# 4

## US Koor is wêreld se beste!



Foto: Charl van Heyningen

Die koor van die Universiteit Stellenbosch (US Koor) is 'n wêreldkampioen en gaan elke jaar van krag tot krag.

By die Wêreldkoorspele wat in 2014 in Riga, Letland, aangebied is, het die koor die hoogste punt behaal wat nog ooit by die kompetisie toegeken is. Hulle het die kategorie vir gemengde kore met 'n punt van 99% gewen.

Die komponis van een van die werke wat die koor in hierdie kategorie uitgevoer het, *Dixit in corde suo* deur Levente Gyöngyösi, was ook 'n beoordelaar en het die koor 10 uit 10 gegee.

Die US Koor het ook die kategorieë vir geestelike musiek ("Spiritual") en

gewyde musiek (*Musica Sacra*) gewen met onderskeidelik 98,38% en 95,63%.

Ná hierdie uitstekende uitslae sal die US Koor na verwagting sy nommer 1-posisie op Interkultuur se ranglys vir die beste 1000 kore in die wêreld behou wanneer die nuwe lys bekendgemaak word.

Koördirigent André van der Merwe sê hy is ongelooflike trots op wat die koor vermag het en het die koorlede as ware ambassadeurs vir Suid-Afrika beskryf.

"Ek is verstom oor wat jongmense kan bereik deur samewerking en dissipline."

Hy is ook baie opgewonde oor die rigting waarin die US Koor besig is om te beweeg. Die koor sal in 2015 van 110 na 130 lede

uitbrei en hy het onlangs ongeveer 400 oudisies gehou om 30 plekke te vul.

"Die koor is besig om op natuurlike wyse baie meer divers te word en die musiek- en kultuurbestuwing is iets besonder."

Van der Merwe is versigtig optimisties oor die belangstelling uit die breër gemeenskap om aan oudisies deel te neem en sê die koor se weergawe van liedjies soos die Zoeloe-gebed *Indodana* speel 'n groot rol in mense se motivering om vir oudisies te kom.

"Die koor het nou bewys hy kan uitstekend presteer en met die beste in die wêreld kompeteer, en nou sien ek uit om te sien hoe die toenemende diversiteit van die koor nuwe energie bring," het Van der Merwe gesê.

## Tolking voorsien in onderrigvoorkeure

In sy strewing om 'n inklusiewe instelling met 'n verwelkomende kultuur te wees, het die US reeds goed gevorder met die implementering van 'n tweetalige aanbod. Dit word gedoen deur die groter gebruik van parallelmedium-onderrig en opvoedkundige tolking – om te voorsien in die veranderende onderrigvoorkeure van studente.

In die proses word die posisie van Afrikaans aan die US versterk, terwyl die universiteit ook volledig toeganklik word vir Engels-sprekende studente. Dit stel die US in staat om vinniger sy diversiteitsdoelwitte te bereik.

Die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe het in 2014 begin om hul BRek-kursus tot en met die finale voorgraadse jaar, asook in die nagraadse honneursprogram, in Afrikaans én Engels aan te bied.

Vanaf 2014 is Matie-ingenieurstudente se lesings ook in Afrikaans én Engels



Tolking in 'n derde jaar ingenieurswese klas. Die dosent is Toit Mouton en die tolke (heel regs onder) is Lené Booysen en Jackie van Wyk (foto: Anton Jordaan)

deur die gebruik van parallelle sessies of tolking.

## Tolke... moet 'n spesifieke persoonlikheidsstipe wees: hulle moet kan fokus, uitstekend kommunikeer en onder druk op hul voete kan dink

Die US span reeds geruime tyd akademiese tolking in. Terwyl die dosent in Afrikaans klasgee, word die lesing na Engels getolk, of andersom. Tolke gebruik

'n kop- of handmikrofoon en die student hoor die lesing deur oorfone.

"Tolke word streng gekeur en kry intensiewe opleiding. Hulle moet 'n spesifieke persoonlikheidsstipe wees: hulle moet kan fokus, uitstekend kommunikeer en onder druk op hul voete kan dink," sê Juanli Theron, Projekkoördineerder van Tolkdienste by die US Taalsentrum. Sy meen tolking is die sleutel tot doeltreffende kommunikasie op kampus en sê studente ervaar dit as positief om saam met medestudente van verskeie taalgroepe in een lesing te wees.

## Jou universiteit maak impak in Afrika

Die US se verbintenis tot diens aan die samelewing word sedert 2007 in sy HOOP Projek vergestalt, waardeur die instelling groot uitdagings in die samelewing aanpak in die strewing na die ontwikkeling van mense op die vasteland en verder.

“Ons sukses beteken nie die veldtog het tot 'n einde gekom nie. Die HOOP Projek is gewortel in alles wat ons hier as Maties doen. Ons wil die impak wat ons reeds gemaak het, verdiep en wil dit doen deur verbeterde samewerking met vennote in Afrika en die buiteland,” het wyle prof Russel Botman, US- rektor, vroeër vanjaar verduidelik.

Voorbeelde van sukses sluit onder meer in die stigting van die Ukwanda-Landelike Kliniese Skool, 'n inisiatief om dokters en ander gesondheidspraktisyne in landelike omgewings op te lei. Die iShack-stelsel is 'n vindingryke benadering om beduidende verbeteringe in die lewensomstandighede van inwoners van informele nedersettings teweeg te bring.

Ook staan die US en kollegas oor die vasteland heen saam teen die uitvloei van kundigheid uit Afrika deur middel van 'n netwerk met toonaangewende Afrika-universiteite, genaamd die Vennootskap vir Afrika se Volgende Geslag Akademici (PaNGea), om die afhandeling van doktorsale studies te versnel.

Saam met die Afrika- Doktorsale Akademie (ADA) en die Nagraadse skool fokus PaNGea op die bevordering van hoër onderwys in Afrika deur onder meer geleenthede vir samewerkende navorsing en uitruiling te skep.

Die Universiteit is ook deel van die TReCCAfrica-konsortium (Transdisciplinary Training for Resource efficiency and Climate Change Adaptation in Africa) vir aanpassing

Wat jy moet weet

# 5

by klimaatsverandering saam met vyf ander Afrika-universiteite, wat deur die Europese Unie en die Open Society Foundation ondersteun word.

In Maart is Hope@Africa, 'n samewerkingsooreenkoms tussen sewe toonaangewende universiteite in Afrika, en Hope International, 'n netwerk tussen die Universiteit Stellenbosch en vier Sweedse universiteite, bekendgestel. Die universiteite bevorder saam ontwikkeling en pak groot sosiale uitdagings in Afrika en die res van die wêreld saam aan. Hope@Africa, en Hope International, se inisiatiewe kan potensieel die lewens van miljoene verbeter.

In Afrika het die US 126 projekte in 31 lande, waarby 478 medewerkers van regoor Afrika betrokke is.



## Jou universiteit groei, maar moet volhoubaar bly



Teen die agtergrond van 'n groeiende studentetal en die voorsiening van wêreldgehalte fasiliteite moet jou universiteit volhoubaar wees (dis immers een van die Universiteit Stellenbosch (US) se fokusareas in sy nuwe Visie 2030), maar terselfdertyd moet die moderne kampus klem lê op menseruimtes en 'n positiewe studente- en werkplek-ervaring bied.

Die US groei voortdurend, nie net in studentegetalle nie, maar ook wat fasiliteite betref. Dit het natuurlik 'n impak op ons omgewing. Deur onder meer geboue slim te ontwerp, 'n ekonomiese en omgewingsvriendelike vervoerstelsel te vestig en 'n Kampusmeesterplan vir Ruimtelike Ontwikkeling (*Matieland* het in 2011 volledig hieroor berig) op te stel, kon die US reeds verseker dat hy sy impak op die natuurlike omgewing beheer.

Die Kampusmeesterplan dui aan dat slegs beperkte groeipotensiaal beskikbaar is op spesifiek die Stellenbosch-kampus en dat studentegetalle in die US se huidige vorm waarskynlik rondom 30 000 die versadigingspunt sal bereik.

"Volhoubaarheid in al sy fasette moet deel wees van die manier waarop personeel en studente dink, werk en ontspan – of dit nou is om twee keer te dink oor die aantal kere wat jy 'n vlug neem of die bestuur van finansies," is hoe prof Leopoldt van Huyssteen, die US se Bedryfshoof en Waarnemende Rektor en Visekanselier, die toedrag van sake beskryf. (Sien artikel op bl 43)

Benewens die fisiese en omgewingsvolhoubaarheid, is die US se finansiële volhoubaarheid ewe belangrik. Deur ons benadering van strategiese gerigte en langtermyn finansiële beplanning en begroting, wat 'n integrale deel van die sakeprosesse is, verseker ons die volhoubaarheid van die US as 21ste eeuse wêreldklas-universiteit.

### Groen én slim geboue

Die US se kampusse en geboue is skilderagtig en bekend vir hul argitektoniese

waarde, maar terselfdertyd moet volhoubare infrastruktuur en groen keuses 'n prioriteit wees. *Matieland* het in die jongste verlede berig oor onder meer die Fasiliteitsbestuursgebou, die verbeterde Wilcocks-gebou, 'n nuwe tuiste vir die Afrika-sentrum vir MIV en Vigsbestuur, asook 'n ultramoderne gebou vir die Ukwanda- Landelike kliniese skool in Worcester, wat voorbeelde is van geboue wat aan dié vereistes voldoen.

Veranderinge word ook aangebring in ouer geboue, met die installering van energiemeters en draadlose modems om energieverbruik in die geboue te meet.

Die jongste ontwikkeling is die nuwe Leer- en onderrigsentrum wat langs die Langenhoven (Neelsie) Studentesentrum opgerig gaan word. Dié fasiliteit sal die maniere van kennisoordrag verander – dit is 'n hipermoderne ruimte met groepwerk-kamers waarin dosente en studente hul eie leeromgewing sal kan skep.

### Wiele rol vir volhoubaarheid

Die US het 'n mobiliteitsplan ontwikkel wat die toekomstige volhoubare hantering van die toename in studentevervoer en parkering moet rig. Die mikpunt is minder voertuie op die kampus en baie meer voetgangers, fietsryers en pendelbussies in 'n poging om die US se koolstofvoetspoor te verminder.

### Bouprojekte

Daar is letterlik honderde bouprojekte op bykans al die US se vyf kampusse. Vroeër vanjaar is onder meer 'n nuwe koshuis vir senior studente wat ook 'n fasiliteit (in

soos dit kampus bekend is) vir studente van die privaatwyke Aristeia en Vesta insluit, 'n aantal Luister-, Leer- en Leefwoonstelle (LLL-huise) én aanbouings by drie bestaande koshuise – Irene, Huis Visser en Huis Marais – voltooi. Altesaam 720 beddens is so by die US se akkommodasie-aanbod gevoeg.

### Spog hiermee om die braaivleisvuur



As dit jou beurt is met die braaitang, noem hierdie sonder om 'n oog te knip:

- Is daar 'n mooier kampus "hoofstraat" as Victoriastraat?
- Die ondergrondse JS Gericke Biblioteek met sy moderne leer- en navorsingsentrums.
- Die amaMaties Hub (sien *Matieland* 2013:1 vir meer inligting), 'n unieke leer- en leefsentrum met 'n glyplank om van die boonste vlak na onder te rits.
- Rekenaargebruikersareas op kampus met nagenoeg 3 000 rekenaars, netwerktoegang op kampus, en satelliet-uitsaaifasiliteite vir nie-residensiële studente.
- Die Neelsie-studentesentrum.
- 'n Volledige gimnasium en Olimpiese Standaard-swembad.
- Die enigste universiteit waar wynproe 'n akademiese dissipline is.

### Waarmee spog jy?

Maties Alumni, waarmee spog julle om die braaivleisvuur? Laat weet ons by [media@sun.ac.za](mailto:media@sun.ac.za)

Dis (steeds) lekker om 'n Matie te is







# TOTSIENS, prof Russel

Op Saterdag 28 Junie bereik die nuus die Universiteitsgemeenskap: ons geliefde Rektor en Visekanselier, prof Russel Botman, is onverwags in sy slaap oorlede.

Prof Botman se studieleier, prof **Dirkie Smit**, bring namens *Matieland* en die universiteitsgemeenskap hulde aan ons "man van hoop".

**H**oe sal h mens Russel Botman onthou? Na 35 jaar se vriendskap is dit nie eenvoudig nie – daar is té veel herinneringe, oomblikke, indrukke. Vir seker sal ek egter óók ons gesprekke onthou oor temas uit Rubem Alves se *Tomorrow's Child. Imagination, Creativity and the Rebirth of Culture*. Dié sake was hom na aan die hart.

Hy was altyd besorg oor kinders – oor hulle toekoms en oor wat ons nou reeds kan doen met die oog daarop. Dié passie was altyd daar, wie weet vanwaar. Dalk uit sy kinderjare en die drome, waardes en opoffering van sy eie ouers?

Ek onthou wel hoe diep dit my sou tréf, dié dag toe hy sy proefskrif opdra aan die kinders wat eendag net van hoorsé van apartheid sou weet. Dit was verstommend. Apartheid was immers die naam vir die swaar wat hy sélf sou ken. Om oortuig te wees van h tyd wanneer kinders nie meer sal weet wat dit was nie, was ondenkbaar. Die meeste het waarskynlik nie ernstig gedink dat so h dag óóit sou aanbreek nie – maar in sy verbeelding was dié dag nie net moontlik nie, maar wérklik. Hy kon reeds daaruit leef.

Dit was merkwaardig. Daar was min ander soos hy.

Hy kry dié gedagte by Bonhoeffer, die Duitse predikant-martelaar wie se werk hy bestudeer het. Dié sou meermale praat van "konkrete verantwoordelikheid". Dit beteken dat mense in moeilike situasies nie bloot sal vra hoe hulle met die minste skade en grootste voordeel kan wegom nie, maar eerder hoe die toekomstige geslagte sal lewe – *tomorrow's children* – en wat nóú reeds gedoen kan word sodat hulle môre sal lewe, hopelik anders, béter as óns nóú. Dié soort gedagtes het ook Russel se eie denke verwoord, onthou ek.

Dit was ook die diepste motiewe agter die HOOP Projek-inisiatiewe by die Universiteit, in sy laaste jare. Dit was vroeër ook al die motiewe agter veel van wat hy in sy indrukwekkende loopbaan sou vermag. Maar óók weer agter ons HOOP Projek.

Toe die Universiteit op h keer dié projek vier en hy almal bedank, sê hy ons het mense nodig wat aan die toekoms dink. Daar is genoeg wat aan die verlede bly dink – en vir ewig gevangenes bly van gister se *struggles*. Daar is óók genoeg wat net aan die hede dink – aan wat hulle kan beleef en

geniet en bekom. Maar ons kort mense wat aan die toékoms dink, sê hy, aan die kinders se toekoms. Mense met verbeelding, wat kan droom, wat kan gló in wat móóntlik is. Wat weet dat dinge anders kan wees – en bereid om nóú al te doen wat dit ook al mag vra. Wat wéét dat kulture kan verander – waardes, gewoontes, vanselfsprekendhede, en alles núút kan word. Mense met geduld. Bereid tot saai, plant, wág. Nie haastig, nie gretig vir kort-termyn sukses nie.

Daarom het hy nie heeltyd verklarings gemaak en die openbare oog opgesoek nie – praat is goedkoop, maar dóén met die oog op môre, dis iets anders. As rektor het hy geweet sy plek was nie in die kalklig nie, maar dáár waar hy die talle kundiges rondom hom kon ruimte bied en motiveer om te doen wat hulle kan – vir die kinders van môre. Dis ook wat Rubem Alves bedoel het – mense bereid om dadelis te plant, al kom daar dalk nie gou iets van nie.

Só sal ek Russel onthou. Hy was self – by uitstek – h kind van môre. Dalk meer as enigeen. Ek sal hom ook vir vele ander dinge onthou – sy karakter, integriteit, lojaliteit, humorsin, skewe glimlag. Maar veral as *tomorrow's child*, dink ek.





# Aktivis, vredemaker, teoloog, akademikus en denkleier

Professor Hayman Russel Botman is in 2007 as Rektor en Visekanselier aangestel en in 2012 vir nog vyf jaar heraan gestel.

By sy dood was hy ook Senior Vicepresident van die Vereniging van Afrika-universiteite, Raadsvoorsitter van Kaapstad as Wêreldontwerphoofstad 2014, en 'n direkteur van Hoër Onderwys Suid-Afrika en Media24. Van 2006 tot 2011 het hy as Direksievoorsitter van die Klein-Karoo Nasionale Kunstefees gedien.



Prof Russel Botman saam met sy pa, Karel en broer Deon

Hy word op 18 Oktober 1953 in Heatherdale (nou Heidedal), Bloemfontein gebore, die oudste kind van Karel en Mavis Botman. Daar woon hy die Dr Blok-skool by en matriculeer later aan die Kliptown Senior Sekondêre skool in Johannesburg. Hy sit sy studies aan die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK) voort, waar hy die grade BA, BTh, BTh Lisenasiaat, MTh (cum laude) en DTh verwerf (foto1). As lid van UWK se Studenteraad in 1976, die jaar van die Soweto-opstand, lei hy sy medestudente in protes teen apartheid.

**In 2010 stuur hy die US se HOOP Projek van stapel, waardeur die Universiteit ontwikkeling in die samelewing bevorder.**

Hy word in 1982 as predikant van die eertydse NG Sendingkerk georden, en dien van 1982 tot 1993 as leraar in die Wynberggemeente. Hy speel 'n sleutelrol in die totstandkoming van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika

(VGKSA) en bly enduit 'n sterk voorstander van groter eenheid in die NG Kerkfamilie.



Prof Botman speel 'n leidende rol in die vestiging van die VGKSA se teologiese opleiding aan die US. Hier is prof Botman saam met onder andere prof Andreas van Wyk, voormalige Rektor en Visekanselier (voor regs).

In 1994 word hy as senior lektor in praktiese teologie by UWK aangestel, en in 1999 word hy tot medeprofessor en Dekaan van die Fakulteit Godsdiens en Teologie bevorder. In 2000 sluit hy by die US aan as professor in praktiese teologie en missiologie, en vervul 'n leidende rol in die vestiging van die VGKSA se teologiese opleiding aan die US se Fakulteit Teologie (foto).



Saam met wyle prof Elize Botha, voormalige US-Kanselier.

In 2002 word hy Viserektor: Onderrig, 'n pos wat hy beklee tot sy historiese aanstelling as die US se eerste swart Rektor en Visekanselier in 2007 (foto). Hy dien ook van 2003 tot 2007 as President van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke. Tydens sy loopbaan publiseer hy talle akademiese en populêre artikels oor menseregte, versoening, menswaardigheid, maatskaplike geregtigheid en die Belydenis van Belhar.

Die titel van sy inhoudingstoepspraak aan die US in April 2007 is "n Multikulturele universiteit met 'n pedagogie van hoop in Afrika", en hy wy sy ampstermyn daaraan om die US se verbintenis tot regstelling en ontwikkeling in die praktyk te verwesenslik.



In April vanjaar ontvang prof Botman die Abraham Kuyper-prys van die Princeton Theological Seminary in die VSA.

In 2010 stuur hy die US se HOOP Projek van stapel, waardeur die Universiteit ontwikkeling in die samelewing bevorder. In 2013 aanvaar die Universiteit onder sy leiding 'n nuwe Visie 2030, wat daarop gemik is om die instelling meer inklusief, innoverend en toekomsgerig te maak – 'n plek waar denkleiers opgevoed word.

In April 2013 ontvang hy die Abraham Kuyper-prys van die Princeton Theological Seminary in die VSA vir uitnemendheid in teologie en die openbare sfeer (foto).

In Maart 2014 ontvang hy 'n eredoktorsgraad van Hope College in die VSA vir leierskap in die hoër onderwys en die gereformeerde kerk. Vir sy bevordering van die Millennium Ontwikkelingsdoelwitte ontvang hy erelidmaatskap van die Verenigde Nasies Vereniging van Suid-Afrika. Die Universiteit van Aberdeen in Skotland ken op 8 Julie 2014 postuum 'n eredoktorsgraad aan hom toe.

Prof Botman laat sy vrou, Beryl, na, asook sy kinders, Hayman, Lizelle, Ilse en Roxanne; skoondogter, Blanche; kleinkinders, Byron, Jayden en Haylan; susters, Ethne, Phoebe en Grace; en broer, Deon. Sy eerste vrou, Lizzie, is in 1987 oorlede.

Teen druktyd was dit nog nie bekend wie die nuwe Rektor en Visekanselier van die Universiteit Stellenbosch is nie.







"Prof Russel Botman was one of the pioneers of transformation in higher education in South Africa. Our country has lost one of its leading lights."

– **President Jacob Zuma**

"Russel Botman enriched the lives of many South Africans. In my encounters with him, I was always encouraged to see that South Africa had dedicated men and women committed to seeing our education centres constantly improved and developed."

– **Ms Helen Zille, Premier of the Western Cape**

"Prof Russel Botman will be sorely missed at the Stellenbosch Municipality. The Mayor/Rector's Forum was responsible for mapping a path of transformation, development and a better life for all in the town. We say goodbye to a theologian and community leader whose caring extended well beyond the borders of the country."

– **Mayor Conrad Sidego and Stellenbosch Municipality**

"Under Prof Botman's leadership Stellenbosch University has progressed along its transformation path of becoming significant and relevant to the people of South Africa and the continent. It is our sincere hope that the University will continue in this direction – opening up access, encouraging its staff and students to be critical and engaged citizens, and working towards the transformation goals that Prof Botman held close to his heart."

– **Dr Blade Nzimande, Minister of Higher Education and Training**

"Prof Russel Botman's death was a loss for educational institutions. He demonstrated that black people can manage complex educational institutions splendidly and we were very proud of him. He was a precocious and courageous young church leader who emerged in the cauldron of the 1980s peoples' struggle against apartheid to put the feet of older church leaders to the fire."

– **Archbishop Emeritus Desmond Tutu, Anglican Church of Southern Africa**

"Prof Botman was 'n persoon met onkreukbare integriteit wat hom altyd vir sy medemens opgeoffer het. Hy het sy diep geloof daagliks uitgelewe. Die Universiteit Stellenbosch en Suid-Afrika het 'n persoon van groot waarde verloor."

– **Dr Johann Rupert, Kanselier**

"Onder prof Botman se leierskap het die Universiteit nuwe hoogtes van uitnemendheid bereik en hom as 'n leidende navorsingsuniversiteit

in Suid-Afrika onderskei. Die HOOP Projek was sy passie. Sy oogmerk was om hoop te bring aan gemeenskappe deur gemeenskapsgerigte navorsingsprojekte, en ek beskou dit as sy grootste nalatenskap.

– **Prof Christo Viljoen, President van die Konvokasie**

"Russel was 'n lieue en geliefde mens. Die Universiteit Stellenbosch het die afgelope jare groot baat gevind by sy visioenêre leierskap, wat 'n weerspieëling was van sy lewensfilosofie dat die Universiteit se uitnemende navorsing en onderrig 'n verskil in die samelewing moet maak. Hy het my telkens gevra of ons genoeg doen om te verseker dat die Universiteit, as 21ste eeuse instelling, genoeg doen om toe te sien dat sy en my kleinkinders eendag hier in Afrikaans sal kan studeer. Ons eer sy nagedagtenis en sy onbaatsugtige werk om van die Universiteit en Suid-Afrika 'n beter plek te maak!"

– **Mnr George Steyn, Voorsitter van die Universiteitsraad**

"Ons Rektor en Visekanselier was 'n ware leier in die mees omvattende sin van die woord en 'n groot inspirasie vir elke student. Sy integriteit en liefde vir sy medemens was deurgaans sigbaar. Hy sal vir altyd in ons gedagtes bly: 'n ongelooflike voorbeeld van 'n leier wat hom beywer het vir inklusiwiteit in Stellenbosch en Suid-Afrika in die geheel. Ons moedig alle Maties aan om sy werk voort te sit. Dit behels onder meer om die Universiteit Stellenbosch te posisioneer as instelling gekenmerk deur innovasie, inklusiwiteit en toekomsgerigte leierskap."

– **Studenteraad 2013/2014**

"Russel se liefde vir sy moedertaal, Afrikaans, was opvallend. In lyn met sy oortuigings moes Afrikaans nooit aanspraak maak op spesiale beskerming nie. Hy het nie geglo ons taal kan oorleef as dit in al kleiner wordende kring gekoester word nie. Dit moes instrument wees vir insluiting eerder as wegwysing. Hy het sy werk by die Universiteit Stellenbosch baie stimulerend gevind. Die openheid en entoesiasme van sy studente om sy pad te loop, was sy krag. Die Universiteit se uitnemende navorsingsprestasies was sy trots. Sy omgang met die Universiteitsraad was die slypsteen van sy oortuigings en leierskap. Hy was lief vir die Universiteit Stellenbosch. Hy was lief vir die Maties."

– **Dr Franklin Sonn, voormalige Rektor van die Peninsula Technikon (nou CPUT) en voormalige Ambassadeur in die VSA**



"Deur my lewe met Russel het ek die oorvloedige liefde en genade van die Here ervaar. Russel se toekomsgerigtheid het ons vir hierdie pad wat ons nou loop, voorberei. Sy onbaatsugtige liefde vir ons kinders, kleinkinders, ouers en vriende onderskraag ons. Lank lewe Hayman Russel Botman."

– **Beryl, kinders en kleinkinders**

"Your life was a daily struggle to eradicate all forms of discrimination and poverty; you were a beacon of hope to farmer and farm worker. To us, your brothers and sisters, you were greatness personified and your legacy will live forever. Well done, good and faithful servant. Rest in peace."

– **Brothers and sisters**

"What I will miss most is my Dad's inherent beauty that beamed from deep inside and made you feel special to be near him. His is an incorruptible soul with unwavering faith. He was an adoring father: always concerned, always giving and trying to push us towards the selfimprovement he continually strived for."

– **Lizelle (daughter)**

"Dad, I thank God for the time and close relationship I could have with you. You were a family man, someone who took responsibility. You are a positive role model to South African men, who have very few to look up to. You made me and many others feel we could do anything we dreamt of through hard work and perseverance."

– **Ilse (daughter)**

"Our father taught us through his words and example that we must set goals and work hard towards achieving them despite the circumstances we find ourselves in. He will be missed, but not forgotten."

– **Roxanne (daughter)**


## BETROKKE/INVOLVED



# Max du Preez

## stormvoël van die joernalistiek

Jan-Jan Joubert



**‘Stellenbosch het my help leer ek het ook ’n mening, ek stem nie net met alles saam nie. Stellenbosch was goed vir my’**

**M**ax du Preez was eintlik nooit veronderstel om h Matie te wees nie. In 1970 het sy ouers die 17-jarige Max uit Kroonstad gesit op die trein na Bloemfontein, maar hy het nooit daar afgeklim en h Kovsie geword nie. Hy het, soos so dikwels sedertdien, sy voet dwars gesit en aangery die Boland in, Stellenbosch toe.

“Ek het vasgevang gevoel in die eng, konserwatiewe Christelik-Nasionale Vrystaat, en Kovsies soos dit destyds was het gelyk na meer van dieselfde. My ouers het eers h paar maande later uitgevind ek is eintlik op Stellenbosch, waar ek self my studies betaal het deur op die spoorweg te werk. My ouers se reaksie was nie goedgunstig nie!” grinnik hierdie stormvoël van die joernalistiek, wat deesdae op Riebeeck-Kasteel woon, waar hy tans werk aan sy twaalfde boek in dertien jaar oor ons gedeelde landsgeskiedenis.

“Dit was natuurlik ander dae. Ek kon net aankom, registreer en studeer,” vertel hy.

“Ek het gehunker na wyer horisonne, en ek het dit op Stellenbosch gevind. Ek sou nie kon sê dat Stellenbosch vir my akademies te veel beteken het nie, hoewel ek h regsgraad en h honneurs in politieke wetenskap (staatsleer, destyds) verwerf het.

“Maar die waarde van Stellenbosch in die vroeë sewentigerjare was dat dit h lewendige plek vol nuwe idees oor die land en die wêreld was, h plek waar mense soos Dene Smuts en Michiel le Roux h gees van vernuwing gebring het in die studentepolitiek, waar die universiteit uit die Afrikaanse Studentebond (ASB) getree het.

“Daardie prikkeling, om te kon sê wat in jou kop aan die gang is... Dit klink dalk deesdae vreemd, maar ons het destyds h stryd gevoer teen die wyse waarop die swaar hand van die NG Kerk, die Broederbond en die Ruiterswag op die akademië en die administrasie van Stellenbosch gelê het.

“Die spanning van destyds het my, as Vrystaatse boerseun, help verstaan hoe woe-linge in veral die Afrikanerpolitiek werk. Toe ek na my studies by *Die Burger* begin werk, het ek beter verstaan hoe werk mag.

“Stellenbosch het my help leer ek het ook h mening, ek stem nie net met alles saam nie. Stellenbosch was goed vir my,” mymer hy.

Vra hom hoekom hy nie uiteindelik die snuif getrapte konvensionele Afrikanerpad van soveel tydgenote geloop het nie, en hy skryf dit half melancholies en aanvaardend toe aan sy rebelse persoonlikheid, maar ook aan Stellenbosch.

“Ek het Van Zyl Slabbert daar ontmoet. Hy was h baie dinamiese sosiologie-lektor.

Ek het sommige van sy klasse bygewoon, al het ek nie sosiologie geneem nie. Een aand het ek hom en nog h jong lektor, Jannie Gagiano, in die destydse studentekroeg Tollies raakgekuier. Hulle het my help leer: Jy mag maar vir jouself dink.”

En wat dink hy oor Maties se hede en toekoms?

“Ek het gemengde gevoelens oor die US. Ek was h groot vriend en ondersteuner van prof Russel Botman, wat ons nou ontval het. Ek dink sy teenstanders het hom baie onregverdig behandel, en die mense wat hom aangeval het, gaan hom nou ook erg mis.

“Ek dink daardie mense gaan vind dat h nuwe werklikheid op hulle afgedwing kan word, eerder as dat hulle, soos Russel dit sou doen, h deel daarvan sal wees.

“En ek wonder oor Afrikaans op universiteit. Almal wat my ken, weet hoeveel ek omgee vir Afrikaans, en dat ek sal veg vir Afrikaans. Maar iets kom tans kort op Stellenbosch, dink ek telkens as ek daar kom. Stellenbosch mis iets.

**‘Almal wat my ken, weet hoeveel ek omgee vir Afrikaans, en dat ek sal veg vir Afrikaans. Maar iets kom tans kort op Stellenbosch, dink ek telkens as ek daar kom. Stellenbosch mis iets.’**

“My laatlammetjie moet nog universiteit toe, en ek is nie seker ek wil haar soontoe stuur as Maties lyk soos hy nou lyk nie. Dis nie dat ek besluit het nie. Ek wonder daaroor. Gaan die US my kind ten beste voorberei vir die lewe in Suid-Afrika oor h paar jaar? Die antwoord is vir my nie tans duidelik nie.

“Ek wil hê my kind moet skouers skuur met jong, swart mense – ook met radikale jong swart mense, sodat sy die land beter kan verstaan. Afrikaanse kampuskarakter is een ding, maar keer die taalkwessie dalk soms dat Stellenbosch sy volle potensiaal as internasionaal mededingende universiteit kan bereik? Ek is eerlikwaar nog nie seker nie.

“Die ander ding wat my pla, is dat Matie-studente minder betrokke lyk by landskwessies as byvoorbeeld in die 1970’s. Dit lyk na die laaste ding waaraan hulle deesdae dink – die materiële staan voorop.

“Dit lyk asof hulle net vir hulself so vinnig as moontlik soveel as moontlik geld wil maak. Dis natuurlik in die haak so, maar

die gebrek aan bemoeienis met die land is die probleem. Laat ek eerlik wees: Dit ontstel my.”

“Wanneer ek die besluit neem oor my kind se toekoms, wil ek dit duidelik stel dat koshuistradisie en studentepret geen rol sal speel nie. Ek kry die gevoel baie oudstude- wat nou ouers is, hunker terug na h tydsges- wat onherroepelik verby is, en hulle doen hul kinders h onreg aan deur daardie nostalgie aan die kinders af te smeer.”

So dalk is daar oor h paar jaar weer h Du Preez-nasaat op Stellenbosch. Dis nou as sy nie, wars soos haar pa, besluit om op die trein te bly en h ander koers in te slaan nie! ■



Jan-Jan Joubert, ’n US-alumnus is die parlementêre burohoof van die *Sunday Times*. Hy was vroeër politieke redakteur van *Beeld*, *Die Burger* en *Rapport*. Hy is ’n rotsvaste ondersteuner van die Haaie.

### Wat jy (dalk) nie van Max du Preez gewet het nie

- 1 | Sy gunsteling musiek is outydse boeremusiek.
- 2 | Hy is versot op smoorsnoek
- 3 | Sy gunsteling boek is *Don Quixote* (“my rolmodel...”)
- 4 | Frederik Van Zyl Slabbert was sy gunsteling Matiedosent.
- 5 | Hy bly in Riebeeck-Kasteel, maar Johannesburg is sy gunsteling stad.
- 6 | Gabriel Garcia Marquez is ’n gunsteling skrywer, die *Mail & Guardian* sy gunsteling koerant en *Mother Jones* sy voorkeur tydskrif.
- 7 | Hy is kleurblind.
- 8 | En wie het op sy troue opgetree? Die “ou ballies” van die Baardskeerdersbos-boereorkes.





# SU alumni making their mark in renewable-energy sector



South Africa's renewable-energy sector seems set to become an increasingly prominent feature of the local economic landscape. Spearheaded by the Centre for Renewable and Sustainable Energy Studies, Stellenbosch University (SU) is conducting ground-breaking research on the application of solar, wind and wave energy, while also equipping a wide range of graduate specialists to work in this fast-growing sector. **Simon Cashmore** touched base with SU alumni working in the sector.

**Nicola Cencelli** BEng (2003); MScEng (2006)

"Much of my work involves helping organisations put together proposals for the Independent Power Producers (IPP) programme," says Cencelli, an engineer at consulting firm 3E in Cape Town. Cencelli credits Stellenbosch University's academic programme for being well suited to students who want to pursue a career in renewable energy. Having completed her master's degree in Wind Turbine Technology at Stellenbosch University in 2005, she now advises power producers, construction firms and banks about establishing renewable-energy plants in South Africa.

**Dr Josephine Musango** MScAgric (2005); PhD (2012)

While working as a resource economist at the Council for Scientific and Industrial Research (CSIR), Musango began researching renewable energy in 2008. She specialises in the application of system-dynamics modelling in resource management.

"Renewable energy is an important part of government's drive to establish a green economy," says Musango, who examined the sustainability of South Africa's renewable-energy industry to earn her PhD in 2012.

**Pierre van der Merwe** BEng (1985)

Van der Merwe, a graduate of SU's Mechanical Engineering Department, believes the renewable-energy industry holds great potential for local engineering groups. Government's IPP programme has proved

to be a boon to the local engineering and construction industry. Reutech Radar Systems, a division of defence contractor Reutech, is but one of many local firms to benefit from the programme. The company secured a multi-million rand contract to design and manufacture 1 540 dual-axis solar trackers for the new Touwsrivier concentrated photovoltaic (CPV) solar plant.

**Durandt Groenewald** BMil (1997)

Independent contractor Durandt Groenewald has also moved successfully into the renewable-energy business. Groenewald, a specialist drilling contractor in the mining and agricultural sectors, worked on the construction of the Kalkbult solar plant near De Aar in 2013. A former officer in the South African Air Force, Groenewald also worked on the Lesedi photovoltaic (PV) solar plant near Kimberley and the Dreuenberg PV solar facility outside Burgersdorp. He studied at SU's Military Science Faculty in the late 1990s.

**Jian Swiegers** BEng (1986); MEng (1989); BB and AHons (1997)

Swiegers joined the local office of the SU corporation SunPower in 2012, and worked on the construction of the Herbert and Greefspan PV solar plants near Douglas in the Northern Cape. He is currently working on a new 84 MW solar project near Prieska. He obtained his MSc in Mechanical Engineering from SU, and has a long track record in the 'green' industry. "I enjoy

the combination of green technology, engineering and commercial challenges. While studying at Stellenbosch, we were encouraged to innovate and develop a broad set of skills," says Swiegers.

**Samantha Bartle** MEng (2012)

Samantha Bartle, project manager at Sunchem Biofuel Development South Africa (Sunchem SA), is working to expand the country's energy sources. She oversees trials to cultivate specialised tobacco plants for the production of biofuel for the aviation industry. A Mechanical Engineering graduate, Bartle completed her master's degree in Renewable and Sustainable Energy at SU earlier this year. "I focused on the development of the biofuels industry in South Africa," she says. "The Solaris tobacco project aims not only to produce an alternative source of energy, but to also encourage rural development."

**Hannes Bester** BEng (2006); MEng (2013)

Bester, who completed a BSc in Electronic and Electrical Engineering at SU, enrolled in the University's part-time master's programme in Renewable Energy in 2010. "The course is very good. It provides a well-balanced overview of the sector and covers wind, solar, hydro and policy issues." In 2011, Bester joined Sustainable Power Solutions, an engineering firm that builds, maintains and manages PV solar plants, and was appointed manager at Jeffrey's Bay wind farm last year. ■



# NYUKELA NOTES

Nyukela notes, meaning going up in isiXhosa, is the space where Stellenbosch alumni can share their achievements – be it on the sports field, in the boardroom, or even on the catwalk! This is your space, SU graduates! Send your submissions to [matieland@sun.ac.za](mailto:matieland@sun.ac.za). | Nyukela is die Xhosa-woord vir opgaan. Nyukela notes is dus die ruimte waar Stellenbosch-alumni ander van hul prestasies kan vertel – of hulle nou op die sportveld, in die raadsaal, of selfs op die loopplank opgang maak! Dit is julle ruimte, US-gegradueerdes. Stuur gerus jul bydraes na [matieland@sun.ac.za](mailto:matieland@sun.ac.za).



1987  
**Wilhelm van Zyl**, BComm, will head up Reinet Investments Manager SA and Reinet Fund Manager SA when outgoing CEO Alan Grieve retires at the end of 2014. Van Zyl was head of Metropolitan when it merged with Momentum in December 2010 to form MMI Holdings, the third-largest life insurer in South Africa.



1988  
**Gerhard Kruger**, BComm, BComm Hons '90, has been appointed as the head of MMI Corporate Finance. Kruger coordinated MMI transactions (including the recent acquisition of Guardrisk) as part of his role as head of capital management within the balance sheet management division. Kruger has been with MMI for 18 years and has extensive experience in corporate finance, having also been closely involved in the Metropolitan and Momentum merger in 2010, the biggest merger in the South African financial services industry thus far.



1998  
**Dr Clarence Tshitereke**, MPhil (Political Management), has been appointed as director in the office of the Vice-Chancellor and Principal of the University of Venda. He will provide executive, strategic and operational support to the Vice-Chancellor and Principal in meeting overall university strategic objectives and performing statutory duties. He holds a BA in Political Studies

from the University of Cape Town and a PhD in International Relations and Development Studies (cum laude) from Queen's University at Kingston, Ontario, Canada.



2002  
**Thembi Simelane-Nkadameng**, BPhil, is the new mayor of Polokwane. She also holds a BA HED degree from the then University of the North and a BA Honours degree from the University of Limpopo. She also completed a course in Advanced Management at Wits University's Business School.



2003  
**Prof Petro du Preez**, BEd, BEd Hons '04, MEd '05, PhD '08, has been named second runner-up in the distinguished Young Women Scientist in the Humanities and Social Sciences awards. The Department of Science and Technology uses these annual awards to honour South Africa's top women scientists. Du Preez has achieved enormous recognition in the short while since she has started working as a full-time researcher and academic. Promoted to associate professor in 2011, she became the youngest professor ever appointed in the Faculty of Education Sciences at the North-West University. In 2012, the *Mail & Guardian* recognised her as one of the top 200 youth leaders in South Africa in the category "Science and Education" and, in 2013, Higher Education Resource Services (South Africa) named her one of the "movers and shakers in academia".



2006  
**Danica Bloomberg**, BComm, has been appointed managing director of Adventure Boot Camp, an outdoor fitness programme for women. She served as marketing manager of the brand for the past five years. She also holds a postgraduate qualification in Marketing and Advertising Communications from the Red and Yellow School in Cape Town and has ten years' experience at various advertising agencies.



2009  
**Tarryn Corlett**, BA, is the new chief executive of The Sunflower Fund. It is her aim to make a difference and assist other families who have lost loved ones or who are going through similar hardships that her family went through when her 17-year-old brother died in 2000 after having suffered from leukaemia. After she completed her studies at Stellenbosch University, majoring in Psychology and Sociology, Corlett joined the Sunflower team in 2009. She ran the national public relations, marketing and fundraising department and, in 2013, was promoted to chief operations officer. After a successful year, the board decided to hand over all responsibility and promote her to chief executive officer in August 2014. Visit [www.sunflowerfund.org.za](http://www.sunflowerfund.org.za) for more information.





Foto: Stefan Els

# Lusaka 'troublemakers' reunite after 25 years

In 1989, a group of students from Stellenbosch University journeyed to Lusaka in Zambia to speak to the then banned ANC in an effort to engage with the so-called enemy. What they were not prepared for was the "absolute hysteria" that broke out upon their return to South Africa.

Deur **Liezl Scholtz-Benjamin**

Reuniting for the first time in 25 years, the 18-member group who flew to Zambia amid protestation from the then University management shared their memories of these events at the much anticipated reunion held in Stellenbosch earlier this year.

Speaking at the reunion, renowned journalist Anneliese Burgess said that the group experienced a "momentous shift in consciousness" when they met with the ANC delegation, which included former President Thabo Mbeki, ANC stalwart Oliver Tambo and former Reserve Bank

governor Tito Mboweni. Their trip also inspired a "year of protest and resistance" on campus.

"On the day we left Lusaka, former President Thabo Mbeki stood on the tarmac at the foot of the aeroplane. Most of us were in tears. I was so overcome with emotion, I could hardly speak." Burgess said it felt "so wrong" to be going home, while "the leaders of the country" were not able to do so. "I remember Mr Mbeki put his hand on my shoulder and quietly told me: 'You must now get in this plane, you must go home, because you all have work to do.'"

The group also met with officials from Eastern bloc countries and were hosted at a breakfast by then Zambian president Kenneth Kaunda.

In her keynote address at the reunion, Public Protector Adv Thuli Madonsela said the Lusaka visit was in essence an act of leadership by young people, but also demonstrated "the courage to step out of line".

"Young people took a bold step to go and engage an organisation perceived then as the enemy of the state and presented by the apartheid state as the enemy of the people



Photos taken in Lusaka



Various meetings were held on the students' return to Stellenbosch. Here are Pierre van der Spuy, Estele van Reenen, Pearlie Joubert (with microphone), Anneliese Burgess, Mark Behr, Henriette Geldenhuys and Danie Fölscher (photo provided by Pearlie Joubert)

of South Africa. Developments in human history have always depended on young people who stepped out of line. Galileo stepped out of line at great cost to himself, and because of that, we are better off today. If it weren't for him, we would still be thinking the world is flat today."

The visit also caused division among the Afrikaans and English press: In *Die Burger*, a cartoon portrayed the group as "useful idiots", while an editorial in the *Cape Times* noted that all Stellenbosch students were "right behind their fellow students" who visited Lusaka, and that the "disapproving university authorities" were "out of touch". The Afrikaans weekly *Die Vrye Weekblad* called the trip a "victory for South Africans who support dialogue with the ANC".

At the reunion, Mboweni chaired a panel discussion about the events 25 years ago and explained why the ANC had decided to host the students. "We understood very well that a visit by a group of students from Stellenbosch University would not change the world. But if viewed as part of a series of actions, such acts helped in building a momentum of change."

And bring about change it certainly did – at least in the mindset of the students who visited Lusaka. Upon their return to South Africa, three of the students resigned from the National Party.

Also speaking at the reunion, the late SU Rector, Prof Russel Botman, said he was pleased to bid them welcome to their "home", as it was the first time the group had

come together on their old stamping ground since their days as students. Prof Botman jokingly referred to them as the "Lusaka Maties" and "the Maties who caused all the trouble".

**"As a group of alumni with diverse opinions, we share a belief in the transformation of Stellenbosch University. It is only through a clear and unwavering commitment to inclusivity that the University will be able to fulfil its exceptional potential and respond to the demands of South Africa's future."**

He also said that, as students, they had represented the next generation. "If the leaders of tomorrow started to think for themselves, it had to mean that the old order's tight grip was slipping away. And as Maties, you represented a university that

had been pivotal to Afrikaner nationalism from the beginning. So, if critical voices at Stellenbosch were growing louder, it would become harder to keep everyone else 'on song.'"

The group, in turn, presented a statement of support for the University and its vision for the future.

"As a group of alumni with diverse opinions, we share a belief in the transformation of Stellenbosch University. It is only through a clear and unwavering commitment to inclusivity that the University will be able to fulfil its exceptional potential and respond to the demands of South Africa's future. For this reason, we express our support for those members of the current administration, the staff, the students and other stakeholders who are working to secure an inclusive agenda for the institution." ■

#### Video clips of the event:

Maties Lusaka reunion – keynote Prof Russel Botman & Adv Thuli Madonsela [http://youtu.be/W\\_qwpx9jrYI](http://youtu.be/W_qwpx9jrYI)

25-year reunion of the 1989 Lusaka visit by Maties – panel discussion [http://youtu.be/a2UkMFD72\\_8](http://youtu.be/a2UkMFD72_8)

Statement made by Robert Bricout, the initiator of the reunion: <http://youtu.be/4m455BSW6j8>



## Brandewyn, bier en sauvignon blanc die vroue neem oor!



Dr. Melanie Nieuwoud

Wat het brandewyn, bier en Sauvignon blanc met mekaar te doen? Dié voggies is in diepte deur vier van die Fakulteit AgriWetenskappe se nuutste groep doktors (en natuurlik US alumni) bestudeer.

Hulle was onder die 18 doktors studente van dié fakulteit wat vroeër vanjaar in rooi toga om die skouers kon hang vir hul gradeplegtigheid.

Van dr. Melanie Nieuwoud se bevindinge word reeds deur die multinasionale bierbrouer SABMiller gebruik. Dié voedselwetenskaplike weet nou hoe om keer op keer 'n bier te maak met 'n stewige skuimkop én 'n verlengde raklewe daarby. Die bierbrou-gogga het haar so behoorlik gebyt dat sy nou 'n mikro-brouery op die Nieuwoudts se familieplaas Kromrivier in die Cederberge begin.

Brandewyn, wat die grootste plaaslike geprodeerde spiritus in Suid-Afrika is, is fyn bestudeer deur dr. Nina Bougas en dr. Leanie Louw vir hul studies in wynkunde.

Bougas kan vir jou nou presies sê watter faktore alles inspeel op wat uiteindelik die styl van 'n vat brandewyn gaan wees. Dit is nou moontlik vir distilleerders om 'n brandewyn se styl vas te stel nog voor dit in verseelde vate verouder word – 'n proses wat minstens drie jaar kan vat, waartydens mens nie wil hê foute moet insluip nie! So word deurlopende kwaliteit verseker.

Op haar beurt het Louw tegnologiese ingespan om nuwe tegnieke te ontwikkel waardeur die sensoriese kwaliteite (dus, hoe dit onder meer proe en ruik) van 'n brandewyn vasgestel en getoets kan word. Dit kan dalk net 'n brandewynpropaneel of twee ore aansit!

Vir dr. Carien Coetzee kan mens min vertel oor hoe suurstof (sogenaamde oksidasie) die smaak van 'n glasie Sauvignon blanc kan kelder. Deur haar studies in wynkunde het sy onder meer agtergekom hoe aangename aroma-verbindinge afneem, en daarby die vlakke van gesonde anti-oksidente in dié witwyn ook. ■

## Prof Daan Strydom-beurs geniet wye steun



Prof. Daan Strydom. Foto: Isobel van Geyt

Die Prof. Daan Strydom Beursfonds is vroeër vanjaar van stapel gestuur om die studies van belowende studente in hortologie aan die Universiteit te ondersteun.

Dit is ook op die been gebring uit waardering vir die lewensbydrae van een van die vaders van die Suid-Afrikaanse sagtevrugtebedryf, prof. Daan Strydom.

Dié 83-jarige was by die drie dekades hoof van die Departement Hortologie. Sy navorsing het onder meer aan die bedryf die 1-2-3 snoeireël vir kernvrugte gegee, asook die eerste werk in Suid-Afrika oor hervestigingsprobleme by appels.

Hy het setprobleme by Packhams pere ondersoek, en protokolle vir die vermeerdering van hardhoutsteggies uitgewerk. Danksy hom is die opleistelsels vir kernvrugte verander vanaf die kelkfasoos na die gebruik van sentrale leiers by aanplantings teen hoër digtheid. Daarby het hy nuwe rusbrekende middels help evalueer en chemiese uitdunprotokolle vir appels ontwikkel.

Prof. Strydom, wat steeds betrokke is by sy familie se uitvoerproteaboerdery naby Porterville, het na sy aftrede jare lank as konsultant plaaslik en internasionaal gewerk. Hy was ook 'n stigterslid van die invloedryke Kaaplandse Pomologievereniging.

Volgens dr. Lynn Hoffman, voorsitter van die Departement Hortologie, sal die beursfonds behoeftige studente met 'n aktiewe belangstelling in hortologie vanaf hul tweede jaar finansiële ondersteun.

Die Prof. Daan Strydom-beursfonds is die tweede van sy soort wat onlangs deur die Fakulteit AgriWetenskappe tot stand gebring is. Verlede jaar is die prof. Eckart Kassier-beursfonds gestig om studente in landbou-ekonomie te ondersteun. Die beursfonds-inisiatief erken nie net die lewensbydrae van spesifieke akademici en industrieleiers nie, maar help ook bou aan die loopbane van 'n nuwe geslag landboukundiges. ■

# Impact of R12 million grant to extend far beyond SA borders



SU's late Rector and Vice-Chancellor Prof. Russel Botman with Dr. Michael Hanssler, Chair of the Executive Board of the Gerda Henkel Foundation. (Photographer: Hennie Rudman)

Africa's ability to develop expertise and provide solutions to some of the most pressing challenges on the continent received a major boost earlier this year with the launch of the Lisa Maskell Fellowship Programme in South Africa.

This prestigious fellowship programme is funded by a grant of nearly R12 million (€750 000) awarded to Stellenbosch University (SU) by the Gerda Henkel Stiftung (Foundation) in Germany.

Thanks to this five-year grant, 25 African PhD students will receive three-year full-time scholarships, which will provide them with broad-based research and scholarship support throughout their studies, in an attempt to rebuild and sustain the continent's capacity to produce human capital of the highest order.

The Gerda Henkel Foundation promotes science at universities and research institutes, primarily by supporting specific projects in the field of the humanities that have a specific specialist scope and are limited in time. The Foundation's Lisa Maskell Fellowship Programme in Asia and Africa has been established in recognition and commemoration of its foundress, Lisa Maskell, who was born 100 years ago this year.

At the launch event, the late Prof. Russel Botman, SU Rector and Vice-Chancellor, said it was an honour and a privilege for the University to be associated with such a respected and revered institution. "The fact that this grant is linked to the Foundation's founder, Lisa Maskell, makes it even more special. Her legacy and that of her family will now live on through the 25 scholarships for African PhD candidates under this grant."

Prof. Botman added that the impact of the grant would stretch far beyond the borders of South Africa, "across the rest of our continent, because the grant will be implemented through our Graduate School in the Faculty of Arts and Social Sciences".

SU's Graduate School, described by Faculty of Arts and Social Sciences Dean Prof. Johan Hattingh as the Faculty's biggest success story this past decade, will be the implementing partner of the fellowship grant. Through the Graduate School, 109 PhD candidates from Africa have enrolled for full-time studies at SU since 2010 – many of them senior academic staff members who needed to finish their PhD studies. They are put through an intensive programme and, so far, 40 have graduated. (See article on page 60)

"Many proud institutions have seen a decline from their peak in the 1970s and 1980s. The result has been that Africa's

output of scientific knowledge is low compared to other parts of the world. An additional problem has been the 'brain drain' from our continent. Clearly, we need to do more to develop African expertise, and to share and apply its outcomes here, where it is so sorely needed. That's where this initiative comes in," Prof. Botman said.

Also speaking at the event, Dr. Michael Hanssler, Chair of the Executive Board of the Foundation, said they were proud to collaborate with Stellenbosch University as a partner. "It is a privilege to join you in your efforts to make a difference and educate the future leaders of this continent."

He added that indications were that Africa would be prosperous by 2030, while Europe would face a downturn and would look to Africa to lend them a helping hand in overcoming challenges.

In turn, the German ambassador to South Africa, Dr. Horst Freitag, praised Stellenbosch University as a worthy partner working towards the development of Africa, saying that the programme is an example of what governments and embassies hope to facilitate and support – strengthening international cooperation among civil societies: "Only, you have done so without any support or facilitation by state actors."

Ms. Julia Schulz-Dornburg, Lisa Maskell's granddaughter, said she was excited and honoured to be involved in the programme. Schulz-Dornburg, who had the opportunity to meet PhD students in the Faculty of Arts and Social Sciences, said she was impressed by the wide-ranging and in-depth projects on which they were working. "This truly is a continental story and, hopefully, only the beginning of a wonderful long-lasting partnership." ■

### Give towards Stellenbosch University!

Contact the Advancement team at +27 21 808 4020 or [development@sun.ac.za](mailto:development@sun.ac.za) to make a donation to Stellenbosch University, enquiries around giving to your alma mater and finding out how making a donation benefits you and the University.



## Drie geslagte geskiedenisprofessore uit Simonsberg

Prof. Diko van Zyl, Wessel Visser en Hermann Giliomee (Foto: ANTON JORDAAN)

Geskiedenis blyk iets te wees wat sterk in die are (of is dit gange) van Simonsberg-koshuis vloei...

Prof. Wessel Visser is vanaf 1 Januarie 2014 as mede-professor in die Departement Geskiedenis aangestel. Dit maak hom die derde professor in Geskiedenis wat as student ook 'n inwoner van Simonsberg was. Hy was vanaf 1978 tot 1982 in Simonsberg en in 1981 en 1982 'n HK-lid.

Prof. Diko van Zyl is 'n emeritus-professor in Geskiedenis aan die Universiteit Stellenbosch. Hy was in 1963 'n HK-lid en redakteur van *Die Simonsberger*. Hy was

vanaf 1966 tot 1996 verbonde aan die Departement Geskiedenis, professor in Suid-Afrikaanse Geskiedenis vanaf 1978 tot 1996, asook buitengewone professor van 1997 tot 2002 aan dieselfde departement.

Prof. Hermann Giliomee is 'n emeritus-professor in Politieke Wetenskap aan die Universiteit van Kaapstad waar hy vanaf 1982 tot 1998 werksaam was. Vanaf 2004 tot 2012 was hy 'n besoekende professor in Geskiedenis aan die Universiteit Stellenbosch. Hy was van 1957 tot 1961 in Simonsberg en primarius in 1961. ■



# In memoriam

Die Universiteit het met spyt kennis geneem van die afsterwe van die volgende oudstude. *Matieland* huldig graag oudstude wat oorlede is, maar benodig die volle name, noemnaam, van (en nooiensvan, indien van toepassing), geboortedatum, sterfdatum, kwalifikasies wat aan die Universiteit Stellenbosch behaal is, en 'n bondige beskrywing van die persoon se beroepslewe. Foto's is welkom, maar plasing hang af van beskikbare ruimte.

Skakel met me Malena Fourie by tel 021 808 4843, faks 021 882 8405 of e-pos alumni@sun.ac.za.

**Mnr Smiley (Petrus) Badenhorst** van Bloemfontein (79). Oudinwoner van Wilgenhof.

**Me Mada Botla (geb Schuilenburg)** van Lynnwoodrif (87). BA (MW) (1946). Oudinwoner van Huis de Villiers.

**Mnr Con Botha** van Milnerton (81). BA (1952), HonsBA (1960). Oudinwoner van Huis Visser en oudvoorsitter van die Studenteraad. Voormalige administrateur van Natal.

**Mnr Petrus Coetzee** van Durbanville (80). BA (1957), HonsBA (1960), SOD (1960), BEd (1963), BEdPH (1966). Was senior skakelbeaampte by onder meer die Departement van Sport en Ontspanning en die Wolraad, sowel as dosent by die Hewat-opleidingskollege en UWK. Was ook 'n kranige sportman.

**Prof Filip de Bruyn** van Amsterdam (93). BSc (1940), MSc (1943). Verwerf sy doktorsgraad aan die Massachusetts Instituut vir Tegnologie (MIT). Was van 1958 tot 1971 professor in Fisiese Chemie by MIT, en het daarna van 1971 tot 1991 by Van't Hoff Laboratorium aan die Universiteit van Utrecht klas gegee. Skrywer van talie publikasies oor chemiese termodinamika en kolloïedchemie.

**Mnr Philip de Wet** van Windhoek (32). BIng (2005). Oudinwoner van Helshoogte. Het vir Procter & Gamble in Londen gewerk.

**Mnr Jannie Ferreira** van Bellville (52). BA (1986), HonsBJoern (1988), MPhil (2000). Het vir *Die Burger* gewerk en was later hoof van buitelandse nuus. Was vroeër redaksielid van *Eikestadnuus* en *Die Courant* op Malmesbury. Hy het 'n lewendige belangstelling in wêreldsake en die politiek gehad, en was ook 'n groot sportentoesias en goeie atleet.

**Mr Douglas Georgala** of the United Kingdom (80). BSc Forestry (1953). He was the father of Steve Georgala, CEO of the Maitland Group.

**Mnr Benjamin Goedhart** van Brackenfell (89). Hy was 'n dosent in die Departement Fisioterapie aan die US.

**Prof Chris Heyns** van Durbanville (65). MBChB (1973), MMed (1986), PhD (1990). Oudinwoner van Hippokraties. Was hoof van die Afdeling Urologie in die US se Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, en die enigste Suid-Afrikaner tot dusver om as voorsitter van die Société Internationale d' Urologie (SIU) te dien.

**Mnr Jan Hofmeyr** van Rondebosch (80). BSc in Voedseltegnologie (1955). Oudinwoner van Wilgenhof. Was een van die eerste studente om hierdie graad te behaal.

**Me Mari Kieck (geb Burger)** van Stellenbosch (59). BA (1975), HonsBA (1976), HOD (1977). Oudinwoner van Minerva en Irene.

**Mr Gavin Knott** from Kleinmond (85). BScEng (1950). Worked as mechanical engineer in Somerset West, Paarl and East London, as well as in Essex in the United Kingdom, Whakatane in New Zealand, and New Jersey in the USA.

**Me Johanna Kotze (geb Visagie)** van Saldanha (77). Dipl Huisoudkunde (1957), Onderwysdiploma in Huisoudkunde en Naaldwerk (1959). Oudinwoner van Harmonie en Huis MacDonald.

**Prof Detlev Kröger** van Stellenbosch (74). BScIng (1962), DIng (2004). Oudinwoner van Helderberg. 'n

Uitstaande meganiese ingenieur, dosent en A-gegradeerde navorsers in die Fakulteit Ingenieurswese van die US. Prof Kröger het wyd gepubliseer en talie pryse, grade en eregrade verwerf. Hy was internasionaal 'n gerekende kenner op die gebied van warmte-oordraers en kragstasieverkoelingsstelsels, en het ten nouste saamgewerk met van die grootste droogverkoelde kragstasies ter wêreld, waaronder Eskom se Kendal, Matimba, Medupi en Kusile. In sy laaste jare as emeritusprofessor verbonde aan die Departement Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese het hy 'n beduidende bydrae gelewer tot die vestiging van uitnemende navorsing oor termiese sonkragopwekking, en ook verskeie patente ontwikkel.

**Mnr Heinrich Kuyler** van Bellville (91). BSc (1942), MSc (cum laude) (1944), SOD (cum laude) (1946). Oudinwoner van Dagbreek. Bekend as bekwame opvoeder en wiskundige. Hy begin sy 64 jaar lange loopbaan op Colesberg, verskuif daarna na Goudini, word skoolhoof op Riviersonderend, en bestuur uiteindelik sy eie privaat skool van 1961 tot 2006. Hy was 61 jaar lank getroud met Matie Hannie Kitshoff.

**Mnr Jean (Lappies) Labuschagne** van Welgemoed (78). BA (1961). Oudinwoner van Wilgenhof. Voormalige hoofbestuurder van Tafelberg-uitgewers. Was ook voorheen betrokke by Nasionale Pers en Nasionale Boekhandel. Was redakteur van die *Stellenbosse Student* en het ook by *Die Burger* gewerk.

**Dr Ferdinand le Grange** van Garden View (65). MBChB (1973). In 1971 word hy die eerste Suid-Afrikaner wat 'n marathon in minder as 2 h 20 min aflê en verwerf hy die US se Danie Joubert-medalje. In 1972 oortref hy die SA marathon-rekord twee keer binne 'n week.

**Dr Paulus le Roux** van Pretoria (94). BA (1943). Oudinwoner van Wilgenhof.

**Mnr Marits le Roux** van Mosselbaai (64). BEkon (1975/1976). Werk vir die Vleisraad en daarna vir 29 jaar by onder meer Old Mutual as finansiële adviseur.

**Prof Hans Muller** van Stellenbosch (51). BA (1983), HonsBA (1985), BTh (1989), MA (1991), DPhil (1997). Oudinwoner van Dagbreek.

**Mnr Izak (Sakkie) Niemand** van Kullsvrivier (53). BA (1984). Begin sy onderwysloopbaan in 1986 by Jan Kriel-skool.

**Mnr Francois Patw** van Stellenbosch (63). BA (1971), HonsBA (1974), MA (1980). Oudinwoner van Wilgenhof. Was met sy heengaan 'n dosent in die Departement Antieke Studies by die US.

**Me Letitia Rabie (geb Vosloo)** van Stellenbosch (91). BEd.PH (1944), MA (1998). Oudinwoner van Sonop. Was inwonende hoof van Minerva en Nerina.

**Mnr Gideon Roos** van St Francisbaai (72). BComm (1963). Oudinwoner van Huis Visser. Afgetrede direkteur van finansies van die Suid-Afrikaanse Musiekregte-organisasie (SAMRO).

**Prof Daniel Schumann** van Stellenbosch (93). BComm (1940), MComm (1949). Oudinwoner van Wilgenhof. Begin sy loopbaan in 1947 as dosent in Statistiek, behaal sy MComm-graad in Wiskunde en Wiskundige Statistiek (cum laude) in 1949, en verwerf sy PhD in 1956 aan die Politegniese en Staatsuniversiteit van Virginië in die VSA. Hy is outeur en mede-outeur van artikels in die *Annals of Mathematical Statistics*

and *Biometrics*. In 1953 word hy stigterslid van die Suid-Afrikaanse Statistiese Vereniging (SASV), en in 1962 voorsitter van die vereniging. Dien in die 1960's en 1970's verskeie keer as dekaan van die destydse Fakulteit Handel en Administrasie van die US, en later as voltydse dekaan. Hy dien verskeie termyn as burgemeester van Stellenbosch, en ontvang in 2003 ereburgerskap van die dorp.

**Dr Bernd Sinske** van Stellenbosch (75). PhD (1979). Was jare lank dosent in die Waterafdeling van die Fakulteit Ingenieurswese aan die US.

**Dr Dietrich Steinmann** van Stellenbosch (73). BSc (1962), SOD (1966), PhD (1989). Oudinwoner van Helderberg.

**Mnr Tebie Stroebel** van Bloemfontein (86). BComm (1947). Oudinwoner van Dagbreek. Was teen sy aftrede 'n senior amptenaar van die Bloemfontein-munisipaliteit.

**Mnr Gert Strydom** van Florida, Gauteng (74). BSc in Landbou (1963), HonsBScAgric (1965), MScAgric (1965). Oudinwoner van Eendrag. Begin sy loopbaan by Elsenburg en dien later as hoof van tegniese dienste by Golden Lay Farms en later by Nulaid. Doen ook statistiese ontledings vir die Suid-Afrikaanse pluimveebedryf.

**Mnr Jan Syfert** van Strubenvallei (79). BA (1954). Was joernalis en TV-regisseur. Het die US in gimnastiek en waterpolo verteenwoordig.

**Mnr Francois Thurnissen** van Bellville (65). BA (1970), MS en S (1973), HonsBPA (1980), MPA (1983). Oudinwoner van Dagbreek. Het vir die Wes-Kaapse Provinsiale Administrasie gewerk en was later hoof van metropolitaanse beplanning by die Kaapse Metropolitaanse Raad.

**Adv Antony Thompson** from Sandton (53). BA (1981), LLB (1983). He practised as senior counsel both in South Africa and the United Kingdom, where he frequently appeared in the Commercial Court in London. He was a Rhodes scholar as well. Adv Thompson also held degrees from Oxford. His father was Prof John Thompson, a professor of English at SU.

**Dr Hendrik van Huyssteen** van Durbanville (64). MBChB (1974), MMed (1982). Oudinwoner van Wilgenhof.

**Me Sanna van Niekerk** van Ficksburg (94). BA-HPOD (1941), Sertifikaat in Spraakoefening en Voordrag (1941). Oudinwoner van Sonop. Sanna het met 'n boer van Ficksburg getrou, waar sy ook haar onderwysloopbaan begin het. Benewens die grootmaak van hul ses dogters, het sy by al die skole op Ficksburg klas gegee.


**Me Adri-Louise Van Rene-Fourie** van Durbanville (49). BHuish (1986), HonsBJoern (1988). Oudinwoner van Huis de Villiers. Voormalige redakteur van die *Kerkbode* – die eerste vrou en tweede nie-predikant in dié pos in die geskiedenis van die NG Kerk. Het diep spore in die Christelike en kerklike media getrap. Was ook die dryfveer agter die tydskrif *Lig*, wat in 2004 die eerste keer op die winkelrakke verskyn het.

**Me Christine Vink (geb Solomon)** van Somerset-Wes (84). BA (1951), Dipl.SOD (1957).

**Mnr Gerrit Wagener** van Durbanville (93). BScBosb (1942). Oudinwoner van Dagbreek. Hy en sy vrou was ywerige voetslaners en het die berge van Suider-Afrika goed geken. Het vir die Departement Bosbou gewerk, waar hy in 1980 as hoofdirekteur afgetree het.

**Dr Henry Wiggins** van Somerset-Wes (67). BA (1971), MBA (1981). Oudinwoner van Dagbreek. Begin sy loopbaan by Stellenbosch Farmers' Winery. Behaal 'n verdere MBA-graad in België, en verwerf sy doktorsgraad in Logistiek aan UNISA. Was verbonde aan die dekaanskantoor van die Fakulteit AgriWetenskappe aan die US.

**Mr Angus Wilson** from Muizenberg (80). BScForestry (1954). Was known to many as the "protector of the public open spaces of the Marina da Gama". He worked in saw mills, indigenous forests and state plantations in various regions, including Eshowe, King William's Town, Knysna, Umtata, Somerset West and Cape Town.



JOU UNIVERSITEIT/  
YOUR UNIVERSITY



# Nanoskyfie

## kan bakterieë en virusse binne minute identifiseer

Nanodrade van sinkoksied soos onder 'n elektronmikroskoop waargeneem (Foto: Deon Neveling).

'n Mikrobioloog en 'n elektroniese ingenieur van die Universiteit Stellenbosch (US) het 'n bewys-van-konsep nanodraad-biologiese sensor ontwikkel wat, binne minute nadat die pasiënt dit ingesluk het, 'n wye verskeidenheid van bakterieë en virusse sal kan identifiseer. Deur **Wiida Fourie-Basson**

In die nabye toekoms sal hierdie kombinasie van nanotegnologie en mikrobiologie die diagnose van pasiënte gedurende 'n epidemie eksponensieel vinniger, meer akkuraat en meer bekostigbaar maak.

Prof Leon Dicks, 'n internasionaal erkende mikrobioloog en prof Willie Perold, ook 'n internasionaal erkende wetenskaplike in die vakgebied van supergeleiers en nano-elektriese toestelle, sê hulle het toevallig idees uitgeruil voordat hulle by dieselfde vergadering sou ingaan en vandaar is die konsep van die nanodraad-biologiese sensor gebore.

“Ons het met die idee vorendag gekom om my nanosensor te kombineer met 'biologiese aas' om spesifieke bakterieë aan te trek. Die idee was dat die beweging 'n elektriese sein sou genereer wat onmiddellik waargeneem kan word,” verduidelik prof Perold.

Prof Dicks sê die konsep word die beste verduidelik wanneer dit met visvang vergelyk word: “Ons gebruik aas (in die vorm van teenliggaampies) om vir antigene in die pasiënt se ingewande te vis. In hierdie geval word die aas geheg aan duisende sinkoksied nanodrade, wat op hulle beurt op 'n nanoskyfie gebou is. In die praktyk sal die

skyfie klein genoeg moet wees om binne 'n kapsule te pas. Tien minute nadat die pasiënt die kapsule gesluk het, word die nanoskyfie vrygestel en die visvang begin.”

### ‘Tien minute nadat die pasiënt die kapsule gesluk het, word die nanoskyfie vrygestel en die visvang begin’

#### Hoe is die konsep ontwikkel?

Deon Neveling, 'n nagraadse student in die Departement Mikrobiologie by die US, het die uitdaging aanvaar om die konsep te toets as deel van sy navorsing vir 'n meestersgraad in mikrobiologie.

Maar eers moes die ingenieurs hul konsep aanpas vir biologiese gebruik. Prof Perold en een van sy doktorale studente, Stanley van den Heever, het reeds 'n sinkoksied nanokragopwekker ontwikkel wat krag opwek die oomblik wanneer die nanodrade verstuur word. Dit is ook die eerste keer dat

so 'n nano-elektriese toestel in Suid-Afrika ontwikkel is.

Ten einde die nanokragopwekker vir biologiese gebruik voor te berei, het die ingenieurs 'n silikonskyfie van 1cm by 1cm gekonstrueer. Hulle het toe sinkoksied molekules bo-op mekaar gepak om 'n nanodraad te vorm (slegs sigbaar onder 'n elektronmikroskoop). Duisende van hierdie nanodrade is so geposisioneer dat die geringste verstoring van die struktuur sal lei tot wat ingenieurs 'piësoëlektrisiteit' noem. Hierdie energie word dan omgeskakel in elektriese energie wat versterk word om 'n spanningslesing te kan verkry.

Die mikrobioloog het daarna die konsep getoets deur lisosiem molekules (klein antibakteriële proteïene wat in jou speeksel voorkom) op die punt van elke nanodraad te plaas. Sodra lisosiemspesifieke teenliggaampies aan die nanodrade vasgekleef het, het dit 'n verstoring in die struktuur van die nanodrade veroorsaak. Dit is waargeneem as 'n verandering in die elektriese spanning en dien as bewys dat die konsep werk.

Die omgekeerde van die konsep is ook waar. Deur spesifieke teenliggaampies op die nanodrade te plaas, sal dit die antigene eie aan 'n spesifieke patoogen (mikroörganismes



Prof Willie Perold, Deon Neveling en prof Leon Dicks (foto: Stefan Els)

wat siektes veroorsaak) opspoor en hulle teenwoordigheid binne sekondes aanmeld.

Die uitdaging is om die korrekte teenliggaampie op die nanodrade te plaas ten einde net een spesifieke antigeen te identifiseer. “Ons ideaal is om die elektriese sein, wat uiteindelik uniek tot elke patoogen sal wees, oor te dra na 'n ontvanger soos 'n slimfoon,” voeg Dicks by.

#### Toekomsplanne

Die moontlikhede wat hierdie tipe nanotegnologie inhou, is legio, sê Dicks. “Pleks daarvan om 'n algemene breëspektrum-antibiotikum voor te skryf, of om 48 uur lank vir duur laboratoriumuitslae te wag, kan 'n dokter die korrekte antibiotikum voorskryf om 'n spesifieke patoogen te teiken terwyl die pasiënt nog in die spreekkamer sit.

“Kleiner dosisse of meer spesifieke antibiotika plaas ook minder stres op die liggaam se immuunstelsel,” sê hy.

Sou hierdie konsep ook kon werk vir dodelike virusse soos Ebola? “Natuurlik,” sê hy. “Solank as wat jy die Ebola-virus se antigeen-spesifieke teenliggaampies het.” Antigene is proteïene wat op die oppervlak van selle voorkom. Hierdie

proteïene dien as die unieke ‘handtekening’ van daardie sel. Hierdie ‘handtekening’ word dan deur spesifieke teenliggaampies herken.

### ‘Pleks daarvan om 'n algemene breëspektrum-antibiotikum voor te skryf, of om 48 uur lank vir duur laboratoriumuitslae te wag, kan 'n dokter die korrekte antibiotikum voorskryf om 'n spesifieke patoogen te teiken terwyl die pasiënt nog in die spreekkamer sit.’

Tans is dit moeilik en tydrowend om 'n persoon wat moontlik die Ebola-virus onder

lede het, te diagnoseer, aangesien die vroeë tekens en simptome van Ebola ooreenstem met dié van ander dodelike siektes, soos malaria, ingewandskoors, shigellosis, leptospirose, en meningitis.

Dicks beplan om eersdaags saam met 'n groep Franse wetenskaplikes te werk om, gegrond op dieselfde konsep, 'n biologiese sensor in die vorm van 'n nanoskyfie te ontwikkel wat ingeplant kan word om ná groot operasies sekondêre infeksies op te spoor: “Die idee is om die biosensor gedurende byvoorbeeld 'n heupoorplanting in te plant. Dit sal chirurgie in staat stel om die geringste teken van sekondêre infeksie wat gedurende die herstelperiode kan ontwikkel, te bespeur,” verduidelik hy.

Die resultate van die navorsing is onlangs in 'n artikel “A nanoforce ZnO nanowire-array biosensor for the detection and quantification of immunoglobulins” in die vaktydskrif *Sensors and Actuators B: Chemical* gepubliseer. Die ontwikkeling van die biosensor word beskryf in die artikel “Effect of seed layer deposition, Au film layer thickness and crystal orientation on the synthesis of hydrothermally grown ZnO nanowires”, wat vir publikasie in die vaktydskrif *Current Nanoscience* voorgelê is. ■



# MGD | Changing lives through community interaction

In 1964, a group of medical students, driven by their passion to offer free primary health care services on a voluntary basis to communities in need, established USKOR (Universiteit van Stellenbosch se Klinieke Organisasie). Little did they know that the seeds they planted would flourish into a formidable organisation that would go on to serve communities across the Western Cape. By **Lynne Rippenaar-Moses**



Today, USKOR is a registered non-governmental organisation known as Matie Community Service or, more popularly, MGD (Matie Gemeenskapdiens), and offers more than 2 000 students studying towards a range of degrees at Stellenbosch University (SU) the opportunity to become involved with communities around them through the One Stop Student Volunteer programme.

In addition, other services such as a literacy programme, an academic programme that offers level one to four education to learners aged 16 and upwards, a skills and development training programme as well as primary health care clinics in Kuils River, Franschhoek and Klipmuts outside Stellenbosch are offered through the Adult Education and Training (AET), the Skills and Development, and the Primary Health Care programmes.

"MGD has had a major impact on the lives of thousands of individuals and students through the structured student volunteer programme and our other services," says Mr Gareth Cornelissen, the head of MGD.

"However, at the same time, we have also been able to help deliver students that possess the graduate attributes that the University expects of its students and who are able to make a difference in their communities and the world long after their graduation."

Unfortunately, at the end of 2013, MGD was forced to discontinue its Khanyisa Learning Project (KLP) and Entrepreneurship programmes for financial reasons.

Despite these challenges, the organisation served 205 patients through its primary health care volunteer clinics in Kalkfontein in Kuils River, Groendal in Franschhoek as well as Klipmuts outside



Over many years, thousands of Maties raised funds for USKOR and later MGD during "Karnaval" (Carnival) – which later became Jool (Rag) again. A highlight for many years was the annual "vlotoptog" (float procession) through the streets of Stellenbosch, with first year students doing "blikskud" (filling cans with coins).

Stellenbosch from January to July 2014, with 254 student volunteers participating.

Each year, close to 900 student volunteers reach about 2 500 people via more than 40 registered student volunteer projects of the One Stop programme in the Stellenbosch region, which includes Idas Valley, Cloetesville, Jamestown, Vlottenburg, Pniel and Kayamandi, and in surrounding areas such as Kalkfontein and Khayelitsha.

In 2012 and 2013, the AET programme received a merit certificate for academic excellence from the Western Cape government. It was also named the best centre of its kind in the country in 2013. This is the second time since 2009 that the centre received this honour.

### Success stories

There have been many success stories over the years, for instance that of Mr Bonginkosi

Bixa, who is part of the wine retail team of Distell in the Western Cape. Bixa attended the KLP's Saturday classes in 2000 and would later go on to obtain a BA degree in International Studies as well as an MPhil in Culture Tourism and Heritage Studies at SU.

He credits the project with providing him with the stepping stones to improve his future. "The whole intervention truly equipped us for a better future."

When Bixa joined the Khanyisa project, he was struggling with Biology and passing with a D average.

"I was not very good at Biology and so I was not very excited to study it, nor was I fond of it. Khanyisa presented us with an opportunity to be exposed to other teachers. Our Khanyisa Biology teacher was very good and very passionate about his subject," explains Bixa, who obtained an A for the subject at the end of his matric year and

was also able to develop and improve his reading, writing and communication skills in English.

Receiving extra classes in a university environment as a learner, he says, also made the transition to university life as a student much smoother.

Then there is the founder and business developer of the event Kamers Vol Geskenke, Ms Amelia van Zyl, who, in the same year of completing the Entrepreneurship Programme, established this unique pop-up retail market in a house near MGD's offices. Today this same market showcases and sells locally manufactured products at four locations in Stellenbosch, Cape Town, Johannesburg and Pretoria, with 50 000 visitors attending and an average of 250 producers participating in the event every year.

"Ultimately, MGD is here to empower individuals, equipping them with skills that enable them to make a valuable contribution to society," says Cornelissen. ■

*"Through my involvement in various programmes coordinated by MGD, I began to understand what it meant to be an active citizen and that we all have a responsibility to help build our country for the better."*

**Mr Liam van Zyl,**  
SRC member: Community Interaction 2011/12



Student volunteers from Academia residence engage with learners from Klipmuts Primary School in a volunteer project focused on life skills development amongst Grade 5 learners. (Lynne Rippenaar-Moses)



One of the student volunteers of the Primary Health Care (PHC) programme does a blood pressure reading on a patient using the PHC's after-hours clinic in Kalkfontein, Kuils River. (Lynne Rippenaar-Moses)



Simonsberg first-years Andile Simanga and Edwin Bunge paint some of the tyres surrounding the flower beds to add colour to the school grounds at St. Vincent's Roman Catholic Primary School in Koelenhof as part of the Community Interaction Morning for first-year students earlier this year. (Lynne Rippenaar-Moses)



The Head of MGD, Mr Gareth Cornelissen (left), congratulates Mr Johnny Daniels on completing level 1 of the Adult Education and Training (AET) programme at an AET award ceremony held in Idas Valley in Stellenbosch in March 2014. (Lynne Rippenaar-Moses)



USKOR Tygerberg Primary Health Care volunteers with a vehicle sponsored by well-known retail company Pep Stores.



MGD volunteer busy recording notes for visually impaired students.

## 50 years in the making: From USKOR to MGD

- USKOR was established in 1964.
- USKOR later also offered dentistry, social work services and other student volunteer services and worked in communities such as Cloetesville in Stellenbosch, Macassar and even the greater West Coast.
- In 1974, USKOR and GOUS (Gemeenskapsorganisasie van die Universiteit Stellenbosch) officially became one organisation with two branches – USKOR-Tygerberg and USKOR-Stellenbosch.
- In the same year, USKOR was registered as a non-governmental organisation.
- Between these two student organisations, various activities were offered in the areas they served, including an after-care project; clubs for pensioners and the youth; housewives' clubs; sport; recreational activities for children, the youth and adults; a community development project on farms in Stellenbosch, as well as nursery schools.
- In 1997, USKOR became Matie Community Service.
- Through this organisation, medical student volunteers were able to provide primary health care services to so-called coloured communities in Kasselsvlei in Bellville, Kuils River and Bishop Lavis. The clinical services were later expanded to Scottsdene and Wallacedene, both situated in Kraaifontein.



## Van skoolkys-briewe tot gedigte in US se Dokumentesentrum

Pia Nänny



Marina Brink en Lynne Fourie



Sheila Cussons se katalogus



Audrey Blignault se nuwejaarsvoornemens (1972)

Audrey Blignault se eerste gedig, NP van Wyk se brief aan 'n skoolleefde. *Die Stem* in CJ Langenhoven se eie handskrif. Sheila Cussons se sketsboeke. Die kortverhaal *Prisoner of War* deur Uys Krige wat in 1942 in die koerant van die krygsgevangenekamp by Sulmona, Italië, verskyn het.

Dit is maar net 'n paar van die items wat veilig in die Dokumentesentrum van die Universiteit Stellenbosch (US) se Biblioteek- en Inligtingsdiens bewaar word.

Die Dokumentesentrum is sedert sy ontstaan in 1967 die bewaarplek vir die nalatenskap van verskeie prominente figure uit die Suid-Afrikaanse geskiedenis en van ander Suid-Afrikaanse erfenisdokumente. Daar word tans 430 versamelings bewaar en van die vernaamste fokusareas is: Suid-Afrikaanse (SA) politieke geskiedenis; SA sosio-ekonomiese geskiedenis; SA persgeskiedenis, Afrikaanse taal- en letterkunde en volksboukunde.

Manuskripvakkundiges Lynne Fourie en Marina Brink het tussen hulle al meer as 40 jaar ervaring en weet wat dit verg om 'n katalogus saam te stel.

'n Katalogus is 'n geordende beskrywing van alle dokumente en items in 'n versameling en gee 'n oorsig oor 'n persoon se lewe en werk – oorspronklike briewe, manuskripte, dagboeke, notaboekke, plakboeke, foto's, velletjies papier, ensovoorts. Alles word gesorteer, gelees, beskryf en genommer. Titel- en outeurindekse, sowel as onderwerpindexe, word dan saamgestel – 'n noukeurige en tydsame proses.

"Hoe beter ons ons werk doen, hoe makliker is dit vir die navorsers om die inligting te kry waarna hulle soek. Só skakel ons die onnodige hantering van materiaal uit," verduidelik Fourie.

Verskeie publikasies, verhandelings en tesisse, grootliks gebaseer op versamelings

binne die Dokumentesentrum, het deur die jare die lig gesien, soos *Die 100 jaar van MER* en *Van Wyk Louw: 'n Lewensverhaal* deur JC Steyn, *Langenhoven: 'n lewe en DJ Opperman: 'n biografie* deur John Kannemeyer en *DF Malan en die Opkoms van Afrikaner-Nasionalisme* deur dr Lindie Koorts.

Die voormalige eerste minister dr DF Malan se nalatenskap was die eerste versameling wat in die Dokumentesentrum opgeneem is. Dit is een van die grootste versamelings in die Dokumentesentrum en word vandag nog die meeste gebruik. Ná die verskyning van Koorts se boek word hernieude belangstelling in die DF Malan-versameling verwag.

### Sommige navorsers bring tot 'n tolk saam of leer Afrikaans om toegang tot die Afrikaanse versamelings te kry

Ander bekendes se versamelings wat deur die Dokumentesentrum bewaar word, is dié van HB Thom, WEG Louw, Jan Rabie, Lina Spies, Hennie Aucamp en Maggie Laubser. Die ontslape politikus dr Frederik Van Zyl Slabbert se versameling word tans verwerk.

Die Dokumentesentrum word op 'n gereelde basis deur plaaslike en internasionale navorsers en studente gebruik. Sommige navorsers bring tot 'n tolk saam of leer Afrikaans om toegang tot die Afrikaanse versamelings te kry. Op die oomblik hanteer die Dokumentesentrum nagenoeg 271 navorsingsbesoeke en 174 inligtingsnavrae per jaar.

In sommige gevalle word die dokumente aan die Universiteit bemaak of deur die betrokke persoon of sy/haar gesin oorhandig. In ander gevalle moet

Fourie en Brink die dokumente self gaan haal – dit beteken dat hulle al in solders moes gaan rondkrap.

"Dis verstommend op watter stadium mense goed begin bêre het," sê Brink.

So word onder meer die eerste gedig wat Audrey Blignault op 11-jarige ouderdom geskryf het, asook 'n brief wat NP Van Wyk Louw op 14-jarige ouderdom aan sy skoolkys neergepen en onderteken het met die woorde "Jou minnaar", in hul onderskeie versamelings bewaar. Laasgenoemde was nie onder die oorspronklike dokumente wat aan die Dokumentesentrum oorhandig is nie, maar is later deur die einste skoolkys aan die Dokumentesentrum geskenk ná sy oor die versameling in die koerant gelees het.

"Die persoonlike goed gee lyf en kleur aan die versameling – veral as iemand 'n biografie sou wou skryf. Kannemeyer het van A tot Z deur alles gegaan," sê Brink. Iemand soos Hennie Aucamp het byvoorbeeld op 15-jarige ouderdom begin dagboek hou en 52 dagboeke is in sy versameling opgeneem.

Hy is, volgens Brink, egter een van die laaste skrywers wat nie op die rekenaar gewerk het nie en Fourie meen hulle sal in die toekoms al hoe minder handgeskrewe dokumente ontvang.

Die Dokumentesentrum beweeg ook vorentoe met die tye en nuwe versamelings sal ook digitaal beskikbaar wees.

Naas bewaring, wat is die waarde van so 'n versameling?

"Jy sal uit katalogi baie dinge oor iemand se lewe agterkom wat jy nie andersins sou geweet het nie. Dis verstommend wat in byvoorbeeld dagboeke staan," sê Brink. Die verskillende versamelings vul mekaar ook aan, sodat navorsers dikwels verskeie versamelings raadpleeg om gegewens oor hulle spesifieke onderwerp aan te vul.

En so word dit suksesvol vir die nageslag bewaar. ■

## Klopse gee HOOP vir jong MUSICI

Deur Stephanie Nieuwoudt



Kinders word al van 'n jong ouderdom lid van die Klopse.

'n Behoeftige om Suid-Afrika se demokrasie te vier het geboorte gegee aan 'n drieledige projek met wortels in die Wellingtonse Klopse.

Vir dr Michael le Cordeur, voorsitter van die Afrikaanse Taalraad (ATR), en voorsitter van die BEd-programkomitee in die Fakulteit Opvoedkunde aan die US en Marlene le Roux, direkteur van gehoorontwikkeling en -opvoeding by KunsteKaap, was die beste manier om Suid-Afrika se demokrasie te vier, om vir kinders geleenthede te skep.

Die gevolg was 'n drieledige uitreik-program wat bestaan uit 'n musiekprojek, 'n verhoogproduksie en 'n boek *Die Wellingtonse Klopse – 100 jaar se onvertelde stories* (Naledi Uitgewers).

Die musiekprojek het gelei tot die ontstaan van die Wellingtonse Jeugorkes. Jong musikante van die Wellingtonse Klopse is by die orkes betrek – die meeste van hulle is nog op skool en het nie voorheen formele musiekopleiding gehad nie. Onder die sorg van Le Roux en Ian Smith van die KunsteKaap is hul vaardighede geslyp en het hulle onder meer geleer om musiek te lees.

Na net sewe maande se opleiding het die orkes in Maart vir die eerste keer by vanjaar se Woordfees in die produksie *Bolandse klanke* in die openbaar opgetree by die bekendstelling van die boek. Saam met hulle op die verhoog was Karen Zoid en Arno Carstens. Sederdien het hulle ook by verskeie ander geleenthede opgetree.

"Ons hoop die projek bied geleenthede vir die orkeslede om verder in musiek te studeer," sê Le Cordeur.

Die boekprojek vervul weer 'n belangrike rol om die Wellingtonse Klopse se

geskiedenis op te teken. Volgens Le Cordeur is Wellington die enigste dorp buite die Kaapse metropool met 'n Klopsekultuur.

"Hoewel die Wellingtonse klopse reeds 105 jaar bestaan, weet min mense van hulle en hul rol in die ontwikkeling van die kunste in Wellington," sê Le Cordeur.

### 'Ons wou die 'jolliehotnot' persepsie nekomdraai'

Le Cordeur en Le Roux het met die hulp van twee onderwysstudente van die US, Allison Hoffmann en Leandra Jantjies, vir drie jaar lank onderhoude gevoer met troepe en gemeenskapsleiers wat die klopsetradisie in die dorp help vestig het.

"Met hierdie boek word die moeilike stigtingsjare, die rol wat apartheid en die kerk gespeel het, asook positiewe invloed van die klopse op die Wellingtonse gemeenskap vir die eerste keer aan die breë Suid-Afrika bekend gestel," sê Le Cordeur.

"Om foto's en dokumente te vind wat die vertellings kon aanvul, was moeilik. Die boek maak dus geensins aanspraak op volledigheid nie. Daar is talle herinneringe wat nog wag om opgeteken te word. Die talle foto's en onderhoude skets 'n sonderlinge era in Wellington se geskiedenis. Ondanks uitsluiting uit die hoofstroom tydens die apartheidjare, slaag die Klopse steeds daarin om jongmense te inspireer om hul


musiektalent uit te leef. So kan hulle aan negatiewe sosiale invloede ontsnap."

Volgens Le Cordeur wou hy en Le Roux die stereotipes rondom die klopse besweer.

"Ons wou die 'jolliehotnot' persepsie nekomdraai. Die Klopse is 'n trotse tradisie wat vir langer as 'n eeu in stand gehou is sonder fondse van die regering of borge. Dit het oorleef omdat mense passievol was oor hul musiek en omdat die hele gemeenskap daarby betrokke is.

"Die Klopse beoefen tradisionele Afrikaanse musiek waarby almal 'n belang het. Ons het almal grootgeword met liedjies soos *Daar kom die Alibama* en *Dis 'n nuwe jaar*. Hierdie besef dat ons eintlik een geskiedenis het, en dus een nasie is, dra by tot 'n nuwe gees waarmee jongmense in Suid-Afrika grootword. Dis iets waarby volwassenes gerus kan inkoop," sê Le Cordeur.

Alle opbrengste van die boek en optredes word in 'n Trust gestort en sal aangewend word vir studiebeurse vir behoeftige kinders van Wellington. ■



Die voorblad van die boek *Die Wellingtonse Klopse - 100 jaar se onvertelde stories*



## Minister launches new CENTRE OF EXCELLENCE

The Minister of Science and Technology, Derek Hanekom\*, launched the new Centre of Excellence (CoE) in Scientometrics and Science, Technology and Innovation Policy (STI) at SU in April.

SU was awarded the opportunity to host the DST-NRF CoE in Scientometrics and STI Policy, bringing to four the number of Centres of Excellence hosted by the University.

The other three are for Biomedical Tuberculosis Research, Invasion Biology, and Epidemiological Modelling and Analysis.

"This Centre must build on our existing capacity in scientometrics and innovation policy, it must foster additional capacity and take our ability to understand and fine-tune our innovation environment and policy



Prof Eugene Cloete, SU Vice-Rector (Research and Innovation); Mr Derek Hanekom, Minister of Science and Technology; Prof Johann Mouton, Director of CREST and the new CoE; and Dr Albert van Jaarsveld, CEO of the National Research Foundation at the launch event. Photo: Hennie Rudman.

to a new level. In a sense, this new Centre lies right at the heart of the mission of the Department of Science and Technology and the National Research Foundation (NRF)," Minister Hanekom said at the event.

The DST-NRF CoE in Scientometrics and STI Policy is housed in the Centre for Research on Evaluation, Science and Technology (CREST). CREST will be the lead host, with the Tshwane University of Technology co-hosting. The Centre for Higher Education and Transformation

and the Centre for Science and Technology Studies of the University of Leiden will be partners.

Prof Eugene Cloete, SU Vice-Rector (Research and Innovation), said, "The award recognises the expertise of Stellenbosch University and is in line with the University's Institutional Intent and Strategy, which aims to identify and focus on areas of research."

\*Mr Derek Hanekom is now Minister of Tourism.

## Opera-fliek op kampus verfilm



'n Kameraman fokus op 'n marktoneel – ingerig by die Helshoogte Manskoshuis (Foto: Stefan Els)

'n Opera-rolprent wat op tuberkulose fokus, is in September op die kampus van die Universiteit Stellenbosch verfilm.

Dit is die jongste opera-fliek deur die bekroonde regisseur Mark Dornford-May. Die Universiteit se Desmond Tutu TB-sentrum by die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe het gehelp om dié projek te realiseer. Die fliek, getiteld *Breathe - Umphefumlo*, is gebaseer op Giacomo Puccini se gewilde opera *La Bohème*.

## David Kramer nou 'n ere-Matie

Die musikant, dramaturg en omgewingsaktivis David Kramer is nou 'n "Matie" nadat 'n eredoktorsgraad in April aan hom toegeken is. Eregrade is ook toegeken aan die sakeman en medikus dr Edwin Hertzog, die teoloog prof Wolfgang Huber en die akademikus, regsgeleerde en voormalige US-rektor en visekanselier prof Andreas van Wyk.

Kramer het die graad Doktor in die Wysbegeerte (PhD) *honoris causa* ontvang vir sy merkwaardige bydrae tot die Suid-Afrikaanse kultuurlewe as 'n nadenkende en eksperimenterende kultuurpraktisyn, veelsydige kunstenaar – liedjieskrywer,

sanger, musikant, dramaturg – en omgewingsaktivis; vir sy beligting van sosiale kwessies uit 'n kulturele perspektief; en vir sy ontsluiting van miskende en bedreigde musiekpraktyke en -tradisies ter verryking van die nasionale musiekerfenis.



Wyle prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier en dr David Kramer.

## WAT ontvang Woordveertjie

Die Deel XIV van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal, wat in Oktober 2013 verskyn het, is onlangs bekroon met 'n ATKV Woordveertjie en Woordwystoekening in die kategorie Woordeboeke en Taalgids.



Dr Frik Lombard (eindredakteur) en dr Willem Botha (hoofredakteur en uitvoerende direkteur) van die WAT saam met die gasvrou vir die ATKV-Woordveertjies-geleentheid, Etana Afrika-Bredenkamp en Rolanda Marais.

## Maties make a difference through nek nominations



Earlier this year Maties joined the international "nek nomination" phenomenon which was given a positive twist in South Africa with its unique socially responsible approach.

The nek nominations, in which a video is made of someone doing a random act of kindness and placed on YouTube, kicked

off at Stellenbosch University with, among others, a challenge from MJ Dippenaar, then Chairperson of the Student Representative Council, to the Rector, the late Prof Russel Botman. Prof Botman accepted and donated R10 000 to the iShack Project in Enkanini in Stellenbosch and in turn challenged the deans of SU's 10 faculties to do their bit.

Almost all of the deans accepted the challenge, donating money to various causes while also challenging their heads of departments, lecturers and students to get involved.

Among others, Academia Residence raised R5 581 and challenged three other residences, Metanoia, Libertas, and Vesta. Metanoia donated R10 000 worth of school shoes to Makupula High in Kayamandi in Stellenbosch. In turn Metanoia challenged other residences, and the corporate giant MassMart, who accepted the challenge and donated R20 000 worth of school shoes and sport equipment to Makupula High as well.

Search for "Metanoia #Neknomination" on YouTube to watch a video.

## Spies- en Aucamp- katalogi bekendgestel



Me Lynne Fourie, Dokumentbeampte, me Eilen Tise, Direkteur: Biblioteek en Inligtingdiens, prof Lina Spies, prof Hennie Aucamp en me Marina Brink, Dokumentbeampte.

Twee literêre reuse se katalogi is in Maart deur die Dokumentesentrum van die Universiteit Stellenbosch (US) se JS Gericke Biblioteek aan hulle oorhandig.

Professors Lina Spies en Hennie Aucamp, albei oud-Maties van en dosente by die US, se werk is nou vir die nageslag bewaar.

Spies se versameling bestaan onder meer uit manuskripte van haar digbundels met verskillende variante van gedigte. Haar korrespondensie is omvattend en

sluit in briefwisseling met Suid-Afrikaanse vriende en kennisse, sowel as Nederlandse en Vlaamse vriende. Net tussen Spies en Aucamp is byna 200 briewe gewissel.

Aucamp, wat as die vader van die Suid-Afrikaanse kabaret beskou word, sê eerste kindergediggies het reeds op ouderdom 12 in *Die Jongspan* verskyn, terwyl sy eerste kortverhale kort daarna gereeld in *Naweek*, *Die Huisgenoot* en *Die Huisvrou*, verskyn. Hy is ook van 15-jarige ouderdom af 'n ywerige dagboekskrywer.

## US word kurator van FVZS-nalatenskap



Dr Frederik van Zyl Slabbert

Die dokumentêre nalatenskap van dr Frederik van Zyl Slabbert, bekende anti-apartheidsaktivis en voormalige US-kanselier, is in April 2014 in die Dokumentesentrum van die JS Gericke-biblioteek opgeneem.

Die versameling sluit onder meer dr Slabbert se boeke in, asook korrespondensie en dokumente wat met sy beroepslewe en belangrike gebeure in die onstuimige Suid-Afrikaanse politiek verband hou, onder meer die stigting van die *Vrye Weekblad*, die Afrikaanse anti-apartheidskoerant, die Dakar-konferensie, die skrywer Breyten Breytenbach se gevangenskap en talle akademiese geskrifte.

## SU's media relations effort scoops prestigious communications AWARD

Stellenbosch University's media relations efforts for 2013 scooped a Gold Award at the annual PRISM Awards.

The awards, made by the Public Relations Institute of Southern Africa (PRISA), recognise excellence in public relations and communication management and are the pre-eminent accolade for communications practice in South Africa. Ogilvy PR Cape Town (OPR Cape Town), the University's communications partner, received the award after entering the University in the Media Relations category.



University of Aberdeen honours  
**Prof Russel Botman**



The University of Aberdeen in Scotland has bestowed an honorary doctorate posthumously upon Prof Russel Botman, Rector and Vice-Chancellor of Stellenbosch University. Prof Botman was honoured for his integrity, leadership and contribution to higher education.

**Professor a world champion golfer**



Garrett Slattery, a professor in Actuarial Science, won the B2 world title at the world championships of the International Blind Golf Association in Australia earlier this year. The B2 sight category is for players who see less than 2m than a fully sighted person sees at 60m.

**Internasionale erkenning vir skeidingswetenskaplike**

Dr André de Villiers van die Departement Chemie en Polimeerwetenskap, het internasionale erkenning ontvang vir sy werk op die gebied van die chemiese karakterisering van komplekse mengels. Die 2014 LCGC Opkomende Leier in Chromatografie-toekenning gee erkenning aan die prestasies van wetenskaplikes wat reeds vroeg in hul loopbane bygedra het tot die bevordering van chromatografiese toepassing en tegnieke. Dit is die eerste keer dat 'n Suid-Afrikaanse chemikus dié toekenning ontvang.



**SU professor ranked in Financial Mail survey**

Prof Stan du Plessis, Dean of the Faculty of Economic and Management Sciences, has been ranked 4th in the category Innovative Research in the *Financial Mail's* latest Ranking the Analysts survey.

**Prof wen Aardwetenskap-fotokompetiese**

Prof John Clemens, h dosent in geologie in die Departement Aardwetenskappe en h amateur fotograaf, se foto van h besondere geologiese verskynsel in die Grand Canyon in Amerika het aan hom die eerste plek besorg in die Europese Geowetenskappe Vereniging se fotografie-wedstryd.

**Prof Dzama heads food production programme**

Stellenbosch University will play an instrumental role in a new Food Security Centre of Excellence that was launched at the University of the Western Cape. SU, with lead researcher Prof Ken Dzama, will host the Food Production Programme under the theme of "food creation".

<http://www.sun.ac.za/afrikaans/Lists/news/DispForm.aspx?ID=1401>

**BEO se Pienaar bo-aan Reuters SA se lys ekonome**

Hugo Pienaar van die Buro vir Ekonomiese Onderzoek is onlangs aangewys as Thomson Reuters Suid-Afrika se Ekonomiese van die Jaar (2014) omdat hy die mees akkurate vooruitskattings van die land se data gemaak het.



**US vrou blink uit by Vroue in Wetenskap-toekennings**

Marina Rautenbach, h professor in Biochemie, is aangewys as wener in die Uitgelese Vroue Wetenskaplike (Natuurwetenskappe en Ingenieurswese) kategorie tydens die 2014 Suid-Afrikaanse Vroue in die Wetenskap-toekenningsgeleentheid. Die US spog ook met twee ander weners, Caroline Pule en Theresa Beelders, in die kategorie Genootskappe. Albei het Genootskappe vir Doktorsgrade ontvang.

**NNS vereer twee US-navorsers**



Prof J Wentzel van Huyssteen van die Fakulteit Teologie en prof Cornie van der Merwe van die Fakulteit Regsgeleerdheid is onlangs deur die Nasionale Navorsingsstigting vereer. Die twee het albei toekennings ontvang as A-geëvalueerde navorsers. Die NNS-toekennings word gemaak aan top geëvalueerde navorsers wat beskou word as leiers in hul onderskeie navorsingsvelde.

**SU ecologists among most influential**

Two SU scientists in the field of invasion biology and global change – Profs Dave Richardson and Guy Midgley – are among the six South African scientists who have been included in the Thomson Reuters list of most influential contemporary researchers in their fields of expertise.



**Greening up the Campus**

Commitment of the Faculty of Medicine and Health Sciences to planetary health



Profs Bob Mash (left) and Wolfgang Preiser assisting the students to harvest the worm farm.

Given the many health related challenges facing South Africa it may seem surprising that the Faculty of Medicine and Health Sciences would take time out of battling the burden of disease to consider issues such as sustainable development or climate change.

However, *The Lancet*, one of the world's foremost medical journals, declared in 2009 that "Climate change is the biggest global health threat of the 21st century," and will "put the lives and wellbeing of billions of people at increased risk." More recently it has called for a shift in focus from public to planetary health.

Professor Mark Swilling, head of the division of Sustainable Development at Stellenbosch University (SU) and Academic Director of the Sustainability Institute, argues in an article published in the *Continuing Medical Education Journal* that we face a poly crisis characterised by inequality, ecosystem degradation, global warming, peak oil, urbanisation, food insecurity and the unsustainable use of natural resources. It is not hard to see that this confluence of global challenges will have major implications for health and wellbeing. What may be less well known is that the health industry itself can have a significant carbon footprint and ironically be part of the underlying problem. Environmental sustainability is a key focus area of the faculty's strategic plan. In 2014 the Faculty has become one of a handful of health organisations in Africa to join the *Global Green and Healthy Hospitals* initiative and to commit to a 10-point agenda that addresses leadership, use of chemicals, waste and recycling, energy use, water use, transportation, food, pharmaceuticals, buildings and purchasing. Even before joining the initiative this year, the FMHS had been working on some of these issues and has had some initial successes.

**Improved energy efficiency**

One major achievement has been a 23% reduction in energy use despite an increase in student numbers. This has

largely been achieved by retrofitting of the infrastructure with particular focus on air conditioning, lighting, hot water, and inefficient machinery. Apart from reducing the carbon footprint this will also save the SU millions of rand in the long term.

**Offsetting carbon emissions**

Visitors to the Tygerberg campus will have noticed a steady increase in the number of indigenous trees, which have softened the face of the campus and provided welcome shade.

**The Faculty has introduced an innovative system in which a carbon levy is added to all air tickets purchased**

What they may not realise, however, is that these trees are part of a commitment to carbon offsetting of air travel, when such travel cannot be avoided. The Faculty have introduced an innovative system in which a carbon levy is added to all air tickets purchased. These funds now go to the planting of trees, a salary for a "green co-ordinator" and small scale projects that "greens up the campus".

**Recycling waste**

All recyclable waste is separated and only the residual is sent to landfill. The percentage of waste being recycled has increased steadily over the years and approximately 55% of all waste is recycled. There is an industrial scale worm farm behind the Tygerberg Student Centre that digests all the food waste. Together with a supplementary Bokashi composting system, it provides compost for the FMHS grounds. In addition to this a 3-bin system was introduced on campus that

divides waste into recyclable, non-recyclable and compostable waste.

**Working with students**

Students represent the next generation of health professionals and it is important that they make the connections between health, the environment and sustainable development. These issues have now been integrated into the undergraduate curriculum for medical students and particular students have been encouraged to develop leadership in this area. Marguerite Foot, the previous student council representative for sustainability, attended leadership training this year with Al Gore on his Climate Reality course.

Changing the consciousness and behaviour of students, who live and work on campus, is a major focus for improving our immediate environmental footprint. Students have engaged with a variety of projects from murals, to creative art blocks, to competitions and inspirational speakers to raise these issues on campus, and have started an annual Earth Week Festival.

**Future directions**

The FMHS has made some initial steps, but still has a long journey to complete, before it can say it has fully embraced a sustainable future. Areas on which we must focus attention include travel and transport related issues, healthy eating and provision of food, renewable energy use, and a greater congruence between sustainable values and behaviour by staff, students and the organisation. ■

Prof Bob Mash is a specialist in Family Medicine and head of the division of Family Medicine and Primary Care. He is passionate about climate change, sustainable living and development and chairs the Faculty of Medicine and Health Science's Green Committee. His hobbies include painting and cycling. View his artwork at <http://bobmash.jimdo.com/>



# Breaking barriers with TECHNOLOGY

The Glocal Classroom Seboka held earlier this year proves that Stellenbosch University is set to transform higher education through technological innovation, writes **Dr Antoinette van der Merwe**, Senior Director, Learning and Teaching Enhancement.

“**S**eboka” is a Sesotho word meaning ‘coming together’ or ‘a group of people meeting for a common cause’. And the Glocal Classroom Seboka was exactly that – a meeting of minds with a collective goal to share knowledge, strategies, methodologies and plans around the issue of blended learning and the effective use of learning technologies.

In Oktober het die US-bestuur 'n bykomende R2,2 miljoen per jaar aan veiligheidsinisiatiewe toegewys om die volhoubaarheid van die bykomende veiligheidsmaatreëls te verseker. Voorts is 'n verdere R4 miljoen toegewys vir die opgradering van voetgangerroetes. Hierdie bedrae is bo en behalwe die bestaande veiligheidsbegroting aan sekuriteitsdienste en kapitaalbesteding aan nuwe sekuriteitsmaatreëls.

## Misdaadvoorkoming deur omgewingsontwerp

Die addisionele fondse, goedgekeur vir 2015, is toegewys aan die opgradering en beveiliging van bestaande voetgangerroetes en om dit beter te belig. Dit is in ooreenstemming met die beginsel van sekuriteit

deur omgewingsontwerp – 'n wêreldwye inisiatief om misdaad deur die ontwerp van landskappering te ontmoedig. Kenmerke hiervan is onder meer die slim beplanning van wandelroetes, tuine, rusareas, ingangsportale en parkeerareas en ook maksimale sig vanuit geboue en omliggende areas op die betrokke areas.

Deur sulke areas boonop te verfraai met waterfonteine en sitplekke, en nuttige fasiliteite soos selfoonlaastasies op te rig, word gebruikers na die areas gelok. Waar daar 'n vloei van mense is, is daar minder geleentheid vir misdadigers om ongesiens toe te slaan.

Op die staproetes word 'n aantal hoësekuriteit sones verspreid oor die kampus, beplan. Dié sones word toegerus met onder meer addisionele kameras en ligte en word deur omgewingsontwerp aantreklik en veilig gemaak vir die publiek – in teenstelling met misdadigers wat afgeleë areas verkies wat nie deur kameras en ligte gedek word nie.

Die eerste sone is op die Rooiplein waar 'n maspaal met kameras en ligte opgerig is. Die landskappering en inrigting van die omliggende area geniet in 2015 aandag. ■

## Wat is gedoen?

- **R10 miljoen** vir 'n straatkameraprojek
- 'n Bykomende **R2,2 miljoen** per jaar vir veiligheid
- 'n Eenmalige **R4 miljoen** vir veiligheidsroetes
- 'n **Verdubbeling** van patrollies
- **Groter sigbaarheid** van beamptes
- Deurlopende **bewusmakingsveldtogte**
- Gebruik van Segways, elektriese karretjies, motorfiets en 'n veiligheidskiosk



## Dit vorm deel van die Kampussekuriteitstrategie

Die US het 'n weldeurdragte strategie om misdaad teen die kampusgemeenskap te bestry. Dit behels onder meer:

- 'n Effektiewe, mobiele en sigbare [sekuriteit] patrollie- en reaksiediens
- Gevorderde tegnologiese sekuriteitshulpmiddels wat insluit kamera-monitering, alarms, bewegingsmonitering en opsies om risiko's en insidente moeitvry en kosteloos aan te meld.
- Sagteware om insidente rekenaarmatig vas te lê, rekords veilig te bewaar en tendense grafies te illustreer.
- Gekoördineerde aanwending van sekuriteit en tegnologie vanuit 'n 24/7/365 Operasionele Sentrum.
- Lewering van 'n aktiewe en ondersteunende bydrae tot gekoördineerde dorpswye misdaadbestrydingsoperasies tussen die SAPD, munisipale wetstoepassing, private sekuriteitsdienste en ander plaaslike- en streeksmisdaadbestryding rolspelers.
- 'n Deurlopende fokus op bewusmaking onder studente, personeel, ouers en besoekers om nie sagte teikens vir misdaad te wees nie. Die fokus op bewustheid is baie belangrik omdat daar male sonder tal bewys is dat waar gemeenskappe self verantwoordelikheid neem vir hul veiligheid, daar 'n afname in misdaad is. "Moenie snags alleen stap nie!" is 'n mantra wat regdeur deur op kampus weerklink!



Van links - Charles Toutie, Henry Sebastiaan (in blou), Lucky Mokwena en Henry Jacobs. Fotograaf: Anton Jordaan.

# 'Elkeen het hul eie style van speel'

Dink jou in – dit is middagetensuur in 'n stampvol raserige Neelsie en so nou en dan weergalm harde stemme met 'n: "Klop, klop! Laat val daai ou ses! Mila!" As jy nie 'n domino-speler is nie, sal jy twee keer kyk en beslis wonder wat aangaan, maar vir 'n "ou hand" soos Henry Sebastiaan is dit egter niks vreemds nie...

Vir 30 jaar kom Sebastiaan, aflewerings-assistent by Aankope & Voorsieningsdienste, op die Stellenbosch-kampus en van sy kollegas elke middagete vir hul daaglikse dosis dominoes bymekaar of soos hy dit noem hul "middagete afleiding".

Sebastiaan vertel dat hy en 'n "paar manne" jare terug eers by sy afdeling begin het om dominoes tydens middagete te speel. "Kollegas van ander afdelings het later by ons kom aansluit en die spangees was lekker, alhoewel ons maar soms bietjie te hard geraas het. Deesdae speel ons in die Neelsie en ek moet sê ons kom goed oor die weg – ons speel en gesels maar so tussenin. Studente is welkom om by ons aan te sluit, maar hulle loop maar wye draaie om die ou manne wat so raas," voeg hy laggend by. (Die dominoes word hard op die tafel neergesit, eintlik geslaan, met 'n oningewyde verbyganger wat lekker kan skrik vir die blokkies wat op die tafels klap.)

So hoekom juis dominoes? "Eerstens werk die spel goed in die tyd wat ons het. Kaartspelletjies soos klawerjas neem te veel tyd op. Maar wat jy ookal speel, dit laat mens so 'n rukkie vergeet van die stres wat 'n man nogal soms kan onderkry," sê hy.

**Dit is tog hoe die lewe ook werk of hoe? Jy pas maar aan – iemand deel vir jou 'n hand' uit en dan moet jy maar die beste van jou situasie maak.**

Sebastiaan sê hy vergelyk die spel van dominoes met die lewe. "Jy moet onthou, elkeen het hul eie style van speel. Jy moet ten minste vier spelers om die tafel het, maar soms is dit nie moontlik nie, want iemand het dan óf dringende werk wat moet klaar óf is af siek. Dan pas ons maar aan en maak die spelletjie werk met drie mense.

"Ons is ook nie altyd dieselfde vier wat speel nie. En dit is tog hoe die lewe ook werk

of hoe? Jy pas maar aan – iemand deel vir jou 'n hand' uit en dan moet jy maar die beste van jou situasie maak, of dit nou goed of sleg is. Soms wen jy, ander kere verloor jy."

Op 59-jarige ouderdom voel aftrede ook nie meer te ver nie, sê Sebastiaan. Maar hy is vasberade dat hy tot dan nog gereeld sal tydmaak vir sy dominoes. "Oor die jare het ek al baie kollegas en studente sien kom en gaan. Die tye het ook verander – kan jy glo vanjaar vier Suid-Afrika al 20 jaar van demokrasie en hier is ek nog steeds. Aanpasbaar of hoe?!" ■



## Dié terme moet jy ken:

- "Klop" – wanneer dit jou beurt is om te speel maar jy het nie 'n domino wat pas nie.
- "Ou ses" – 'n domino met 6 aan beide kante.
- "Mila" – Jy "slaan" of wen met 'n mila wanneer jou laaste domino aan weerskante van die dominoes op die tafel geplaas kan word.





Stephanie Nieuwoudt

## Redakteursbrief

Die Universiteit Stellenbosch se museum het sedert begin vanjaar 'n nuwe direkteur. Ons het met Bongani Mjijima gesels oor sy akademiese reis en toekomsplanne. Lees ook die kort onderhoud met die veelbekroonde skrywer en digter Marlene van Niekerk en 'n klompie ander boek- en kultuurverwante

stories. E-pos jou kultuur-, boeke en skrywersnuus na [snieuw@gmail.com](mailto:snieuw@gmail.com)

Groetnis

Stephanie

## Buya festival unites through drama

More than 30 groups from primary and secondary schools as well as youth organisations from Strand, Khayelitsha and the Boland region this year participated in the Buya schools theatre festival presented by the Drama Department at Stellenbosch University.

Sizimisele Technical High School this year walked away with top honours. The Buya festival is supported by Stellenbosch University, the National Lottery and the Western Cape provincial government.

## Xenofobie onder die vergrootglas

Wat veroorsaak xenofobie, en wat sê vreemdelinge haat van ons 20 jaar oue Suid-Afrikaanse demokrasie?

Dié vrae is die kern van 'n nuwe boek deur die bekende sosioloog Heribert Adam en Kogila Moodley. Die boek getiteld *Imagined Liberation: Xenophobia, Citizenship and Identity in South Africa, Germany and Canada* (uit die stal van SUN PRESS, 'n drukkersnaam van AFRICAN SUN MeDIA) maak deel uit van 'n reeks deur die Stellenbosse Instituut vir Gevorderde Navorsing (STIAS). Adam en Moodley is albei STIAS-genote.

Die skrywers gebruik xenofobie "as 'n prisma vir die algemene Suid-Afrikaanse samelewing". Deur die ontleding van die volle spektrum van gesindhede wat in die boek na vore kom, probeer hulle "onthullende aspekte van die huidige kollektiewe ingesteldheid, 20 jaar ná die afskaffing van wettige apartheid" vasvang.

## Stellenbosch in jou sak



**S**tellenbosch, 'n multimediaprojek onder redaksie van Rentia Bartlett-Möhl, stel dié dorp aan 'n internasionale gehoor bekend. Dit is klein genoeg om maklik in 'n handsak of jassak te pas, en bestaan uit werk deur Bartlett-Möhl, Clinton du Plessis en Marlene van Niekerk, die Belgiese skrywer Saskia de Coster sowel as die Nederlandse digter Arjen Duinker.

Boonop bevat dit 24 foto's of stadsporette deur Arno Möhl, wat die straatlewe op Stellenbosch uitbeeld. Minuut lange films wat op die internet te kry is ([www.citybooks.eu](http://www.citybooks.eu)), voltooi die prentjie.

Elke stuk in die boekie kan in Afrikaans en Engels gelees word, en is ook as luisterprodukte in Afrikaans, Engels, Nederlands en Frans op die internet beskikbaar, waar die skrywer self dit in die oorspronklike taal voorlees.

*Stellenbosch* is deel van 'n groter projek van die Vlaams-Nederlandse kultuurhuis Huis deBuren in Brussel. Verskillende stede wêreldwyd word op hierdie manier op die voorgrond geplaas.

## Unique photo project by Klampmuts learners highlights daily hazards

Ilse Arendse



**L**ow-hanging power cables. Fire hazards. Drug abuse. Contaminated water. Debris. These startling images are part of the daily reality of children growing up in Klampmuts.

And in March this year, 100 photographs by Grade 7 learners from Klampmuts Primary School reflecting these hazards were exhibited in Stellenbosch University's Neelsie student centre.

The exhibition resulted from an outreach project for which children took photographs of the risks and dangers they face in their community every day. It was initiated by the Research Alliance for Disaster and Risk Reduction (RADAR) at SU, in collaboration with the Cape Winelands District Municipality's Disaster Management Centre.

RADAR's Patricia Zweig says the project started out as an awareness-raising exercise. As part of the Grade 7 Life Orientation classes, interactive workshops about everyday hazards and vulnerabilities were presented by a disaster management officer from Cape Winelands District Municipality, assisted by Zweig and two master's students, while Hentie van der Merwe of SU's Visual Arts Department taught the children the basics of photography. The learners were then provided with disposable cameras, which they then used to capture images illustrating the hazards and vulnerabilities they live with in Klampmuts. The top 100 photographs were put on display.

## Marlene van Niekerk

### oor nie-stiltes tussen werke, openbare besprekings en versadiging



Prof Marlene van Niekerk, dosent in Kreatiewe Skryfkunde in die Departement Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit Stellenbosch, ontvang vanjaar die Hertzogprys vir haar digbundel *Kaar* asook die Universiteit van Johannesburg-prys vir Beste Skeppende Skryfwerk en die Elisabeth Eybers-prys vir Digkuns. Sy is ook die skrywer van die boeke *Triomf* en *Agaat*. Van Niekerk het 'n paar vrae van Stephanie Nieuwoudt beantwoord.



Resensente meen jou werk is uitdagend. Hierteenoor is vertoë vir skrywers om meer toeganklik te skryf. Wat is jou antwoord aan diegene wat sê hulle verwerp intellektuele tekste? Het die skrywer 'n plig om Afrikaans te help bevorder deur meer toeganklike werk?

Ek vind dit interessant dat die vrae hierbo "suggestief" is en nie "oop" soos die psigoloog sou sê nie. Hoe ek voel oor bogenoemde reaksies op my werk? Ek voel daar moet plek wees vir alle soorte leesstof in enige taal. As mens moeite het om 'n boek te lees, sit jy dit tog eenvoudig saggies neer en kies iets anders? Dis wat mens noem "verwerping-lite".

In my kop skryf ek tans 'n kinderboek getiteld: Theodora die praalsugtige platipus. Dit behoort byval te vind. Kindertjies sal miskien net gou op Google wil kyk of 'n dier soos 'n platipus regtig bestaan. Die vreemde gestalte van 'n eierlëende, eendbekkige, bewerstertige, ottervoetige soogdier uit Australië sal hulle verbyster, deur welke verbystering hulle in intellektuele verander het. Nuuskieriges dus.



Jy het jou al sterk uitgespreek oor die afwesigheid van in-diepte besprekings van boeke in Afrikaans. Waarom is deurdragte openbare besprekings belangrik?

Dis verblydend dat *Rapport* nou meer plek begin afstaan. Hopelik brei die tendens uit. Boekbesprekings ontsluit tekste vir mense van 'n bepaalde klas, hulle gaan koop dalk 'n boek eerder as 'n biefstuk

of rugbykaartjies. Uitgebreide resensies kan help dat mense hulle sal inspan om iets te lees wat effens meer uitdagend is. Prikkelende boekbesprekings stig sosiale samehang, mense tree in gesprek met mekaar, dit verhoog die intellektuele tonus in 'n samelewing, dit gee 'n beeld van wat lesende mense van 'n taalgemeenskap dink hulle is werd; 'n idee van wat hulle dink hulle verdien. Die keuse van boeke en die gehalte van boekbesprekings is aanduidend van kulturele eiewaarde.



Dertig jaar het verloop tussen die publikasie van jou digbundel, Groenstaar en Kaar. Waarom die lang stiltes?

Is stilte betekenisloos? Is reëlmaat die belangrikste publikasie-kriterium? Is daar ook ander kriteria? Tussen *Groenstaar* en *Kaar* is inderdaad dertig jaar. Tussen (die romans) *Agaat* en *Memorandum* twee jaar, tussen *Memorandum* en *Die sneeuslaper* drie jaar, tussen *Die sneeuslaper* en *Die kortstondige raklewe van Anastasia W.* een jaar, tussen laasgenoemde en *Kaar* twee jaar.

Dit is interessant dat kritici selde die patroon van nie-patroonmatigheid in my werk ondersoek – wat "stiltes" sowel as "genres" betref.

Die stiltes tussen publikasies is soortgelyk aan die sogenaamde refraktoriese fases in die fisiologie. Direk na 'n orgasme is 'n tweede orgasme vrywel onmoontlik, selfs vir vroue is daar 'n kort refraktoriese fase. Benewens in die geval van die karakters in

Le Grand Bouffe (1973: 'n Frans-Italiaanse rolprent oor vier vriende wat bymekaarkom met die doel om hulself dood te eet) is dit ook onmoontlik om onmiddellik na 'n enorme maaltyd te verklaar dat jy nou lus voel vir gebakte eiers.

Na 'n publikasie vas ek. Aan die einde van die proses het ek die manuskrip al vele kere gelees en herlees en voel ek sat. In tussentye werk ek ook saam aan vertalings van my werk – ten minste wat die Nederlands, Duits, en in beperkte mate, Frans, betref. Dit neem heelwat tyd in beslag. Ek skryf elke dag en daar is dus heelwat ongepubliseerde tekste in die laaie – onder meer 'n roman of twee en sekerlik genoeg gedigte vir nog 'n digbundel. Maar die tyd is nie nou ryp vir publikasie nie. Ek lees ook elke dag baie. Daar is veel om te verwerk want ek lees dinge wat te moeilik is vir my. Ek skryf ook vir plaaslike en buitelandse koerante.

Die Vlaamse digter, Maurice Gilliams, het omtrent net 70 gedigte nagelaat. Hy het sy lewe lank sy gedigte oor en oor herskryf.

Nog 'n rede vir die stiltes is my ydelheid. Ek publiseer slegs indien ek in my eie oë voldoen aan die vereiste dat elke werk nuut en anders moet wees as die vorige, en indien moontlik, ook anders as die werke rondom my op literêre gebied. Hierdie werkwysie is nie universeel of normatief nie, elke skrywer het sy of haar eie tempo en ritme en innerlike eise. ■

*Kaar* word uitgegee deur Human & Rousseau.



# New museum director wants to create safe space for dialogue

Stephanie Nieuwoudt

It was love at first sight. When he visited a museum for the first time as a 19 year old, Mr Bongani Mgiijima knew that his future lay in this field.

In February this year Mgiijima joined Stellenbosch University as the new Director of the University Museum. He succeeded retired Dr Lydia de Waal.

“As a second-year history student at the University of the Western Cape (UWC) in 1995, I had to do a project on the ‘Bushmen’. I visited the South African Museum in Cape Town. Suddenly history came alive for me. When UWC first introduced a diploma course in Museology and Heritage Studies in 1998, I signed up for the degree as a postgraduate student.”

Mgiijima grew up in Alice in the Eastern Cape – this little town was also the hometown of the University of Fort Hare.

In 1998 Mgiijima also met Charmian Plummer, a retired teacher from Somerset West, and together they founded the Lwandle Migrant Labour Museum. Lwandle, just outside Somerset West in the Helderberg basin, was recently in the news after illegal residents were forcibly removed from their homes.

In 2000, while attending museology classes at the University of Umeå in Sweden, he did a museology internship at the Bildmuseet, a contemporary art museum owned by the university. Here he worked alongside experienced art curators in putting together exhibitions and he worked with an art conservation expert from Riksställningarna. Here he was introduced to the conservation of photographs at Vasterbottens Museum.

“In Sweden there is a strong focus on open air museums and museums cooperate in terms of collections and exhibitions. This is something that South African Museums are not very good at,” says Mgiijima. “Being an intern at a top class university art museum prepared me for this task of managing the SU Museum. I also had the opportunity to tour most of the great museums in Sweden such as Skansen – which is the first and the oldest open air museum in the world. Most importantly, I also learnt to adapt in an environment that



Mr Bongani Mgiijima

**We are primarily a museum and the principles of museology are relevant. However, I do believe that we need to work on reflecting current trends in the museum world and there is a need to work more closely with the different faculties and departments within SU**

was very different from mine. Unfortunately after 12 years, I have forgotten the little bit of Swedish I learnt there.”

Sweden is, historically, a mono-cultural society while South Africa is a very diverse society.

“Recently the influx of immigrants from other countries have made museums there think seriously about multi-culturalism. Our museums have a lot to teach the Swedes in this regard.”

Before joining SU he was manager of the Worcester Museum (which boasts the biggest open-air museum in the Western Cape) and deputy director of museums and heritage resources in both the North West Province and the Western Cape. From 2009 until 2012, he was director of the Albany Museum in Grahamstown. Until 2013 he was head of cultural heritage at the City of Cape Town.

Being the first black director of the SU Museum, Mgiijima admits that there might have been some scepticism about his appointment.

“I think it is quite natural for people who do not know you and what you are capable of, to be sceptical. However, I am a trained museologist and the principles of museology are the same everywhere. The SU Museum is actually quite easy to run because it represents only the humanities. Unlike the Albany Museum which I previously managed, natural sciences, for example, are not represented at SU Museum. We have only three focus areas: anthropology, art and cultural history.”

Mgiijima did his MPhil in Future Studies at SU. His thesis was titled *Future scenarios*

*for the governance of museums in the Eastern Cape.*

“I applied for the job at SU because I read about the changes under the stewardship of Prof Russel Botman. I liked what he was saying about innovation, excellence and transformation. This is the kind of language I can relate to. The strategic direction under Botman was extremely compelling.”

**We need to be innovative and technology can help us to achieve this. I intend to work with the IT division on a system which will enable visitors to obtain information on a particular art work by just clicking on a screen**

Prof Botman sadly and unexpectedly passed away on 28 June, 2014.

An important part of activities at the SU Museum is the acquisition, curating and exhibiting works of fine art and cultural artefacts.

“We are primarily a museum and the principles of museology are relevant. However, I do believe that we need to work on reflecting current trends in the museum world and there is a need to work more closely with the different faculties and

departments within SU. There is an open invitation to SU academic departments to utilise our collections and resources – whether it is a photographic exhibition by the Department of Journalism or a fine art exhibition by the Department of Visual Arts.”

He also intends opening up the museum to a wider audience.

“I would like to diversify our audience and this means that exhibits have to reflect the tastes and interests of the wider community.”

Mgiijima is working on a plan to introduce technology. “We need to be innovative and technology can help us to achieve this. I intend to work with the IT division on a system which will enable visitors to obtain information on a particular art work by just clicking on a screen. Young people enjoy this kind of technology and in order to grow future audiences, we have to be innovative in our approach. We also need to bring in more outside exhibitions. By doing this, we allow ourselves to explore topics we might not otherwise be brave enough to tackle on our own.”

He believes that there are many stories from Stellenbosch that have yet to be told.

“We have to tell the stories in such a way that it attracts the different audiences. These include the stories of exemplary Maties who played a role in dismantling apartheid such as our own Beyers Naudé. But, I also believe that we have to do this in a responsible manner while at the same time creating a safe space in the museum where people are free to enter into dialogue about any topical issue.” ■

## Museum holds ‘election’ for most popular artwork

The University Museum launched the *Freedom XX: 20 Pieces of Democracy* exhibition in celebration of 20 year of Freedom in South Africa, earlier this year.

Unique to the exhibition is that it is a staff curated exhibition in which all staff members at the museum were asked to select an artwork. The museum then invited members of the public to vote for an exhibited artwork of their choice.

The *Figure Sitting* by Jacques Dhont was voted as the most popular artwork for June. This artwork was chosen by Mr Lloyd Africa who is employed as a Museum Custodian.

In selecting this artwork an excited Africa said “these days it is no longer who or what you are. Everyone mixes with everyone, and so life goes on. So the bark is the mixing of the people.” ■



Photos: Steffen Els



# SU wants soccer to excel at Maties

On and off the field Maties have been lifting the profile of soccer at the University and in the community.

Most recently was the opening of a solar powered artificial grass mini-soccer field at the University's Lentelus Soccer Centre in Hammanshand Road in Stellenbosch – by the Minister of Foreign Trade and Development Cooperation of The Netherlands, Ms Lillianne Ploumen. The opening was done in honour of the late Prof Russel Botman, Rector and Vice-Chancellor of Stellenbosch University, who held the development of soccer at the University and in the community close to his heart.

In her address Minister Ploumen said that football brings people together and that the field will enable the young people of Stellenbosch to further develop their talents.

The football field is one of the benefits of the Stellenbosch University (SU) football development programme, which aims to invest in the promotion and advancement of football in the Stellenbosch region and the creation of an expert football environment.



The Minister of Foreign Trade and Development Cooperation of The Netherlands, Ms Lillianne Ploumen, with some of the Maties Junior players.

“Thanks to our sponsors of the facility, PEC Zwolle, who is our official international football partner, the Royal Netherlands Football Association (KNVB) and Philips, we can now contribute to the Stellenbosch community reaching its dream of enriching people's lives through the vehicle of football,” said Ms Anita Nel, CEO of Innovus, the University's industry interaction and innovation company that spearheads the football programme at the University.

The 5v5 football pitch (5 players per team) will also benefit from the installation of four solar-powered floodlights, thereby extending the use of the facility into the evening hours. It is planned to install four to six more of these light centres in the broader Stellenbosch community.

“Our aim is to build the SU Football Programme into the leading football development programme in South Africa. I am confident that we are more than capable in this regard, given our world class facilities, expertise in the field of sport science and our geographical location,” says Nel.

“The programme aims to establish the building blocks of football development in the region and to nurture and develop talented players. In cooperation with the Local Football Association (LFA) we want to focus on holistic, inclusive sport and development of human potential, which will include the development of players, match officials, coaches and sport administrators.” ■

## Maties learns a valuable lesson against Bloem Celtic

It is not only off the field that Maties Soccer has been working hard. Earlier in the year Maties became the first team from the Western Cape SAB League to qualify for the final round of 32 in the Nedbank Challenge.

Although losing the 8-0 against Premier League club Bloemfontein Celtic, coach Reggie Jantjies said the experience was the most valuable part of the match. Jantjies, a former player and a local Cape soccer legend, played for Hellenic and for the past four years he has been sharing his knowledge of the beautiful game with the Maties players.

### Standout player

Scoring a goal against Manchester United. Been there. Done that. Got Michael Carrick's United shirt. Now Alcardo van Graan wants to score goals for Maties Soccer. Van Graan is one of the stars of the Maties team and his presence plays a big role in the success of the team.

The local from Idas Valley did play for Maties before joining Ajax Cape Town. He re-joined Maties last season and his talent, knowledge and experience are already influencing the players in the team and club. ■



# Sportsterre van die JAAR



Die prysweners Fanie van der Merwe, Justine Palframan, Victor Hogan en Justine Asher (voor) saam met Ilhaam Groenewald (links) en Jackie Wiese (regs). Fotograaf: Hennie Rudman.

Die atlete Justine Palframan en Victor Hogan is vanjaar se Sportvrou en Sportman van die Jaar, terwyl Fanie van der Merwe, ook 'n atleet, en die handfietsryer Justine Asher as onderskeidelik Sportman en Sportvrou van die Jaar vir Persone met Gestremdhede aangewys is.

Palframan, 'n baanatleet, was die winner van die 200 m- en 400 m-items by die USSA- (Universiteitsport SA)- sowel as die SA Senior-kampioenskapsbyeenkoms. Hogan is die diskuskampioen van Suid-Afrika én Afrika. Van der Merwe het verskeie puik vertonings in die 100 m en 200 m in die klas T37 gelewer, en by die Statebondspele

in Skotland ook 'n goue medalje in dié klas verwerf.

Asher het sowel die tydtoets- as padwedrenkategorie by Fietsry SA se nasionale kampioenskapsbyeenkoms gewen, en verskeie goue medaljes by die Wêreld-fietsryvereniging se parafietsrybyeenkomste ontvang.

## Maties Hockey

Both the men's and women's teams of Maties Hockey again won the Western Province Grand Challenge. It was the 30<sup>th</sup> time since 1973 that Maties women won, with a ninth title for the men.

Vics, the women's second team, finished second, showing the depth of hockey at Stellenbosch.

The women's team are also the reigning South African student champions after

having won the USSA tournament in Pretoria – their 17<sup>th</sup> USSA title.

Dylan Swanepoel and Pierre de Voux played for the South African men's team at the 2014 World Cup tournament in The Hague in the Netherlands, while Quanitta Bobbs and Ilse Davids played for the women's team. De Voux, Davids, Bobbs and Jade Mayne also represented South Africa at the Commonwealth Games.

## SA Skole-sterre vir Maties Netbal

Om vir Maties te speel is 'n droom wat waar geword het vir vier SA Skole-netbalspelers van 2013. Vir Charmaine Baard, Sasha-Lee Pietersen, Jo Prins en Megan Gossmann was die geleentheid om vir Maties te speel en deur 'n voormalige internasionale speler, Christine Behan, afgerig te word, die vernaamste redes vir hul aansluiting by die US Netbalklub.

Die Maties-netbalklub het ook geskiedenis gemaak toe drie van die klub se spanne – Maties, Vics en Hantie du Toit – in

die halfeindronde van die Boland-superliga gespeel het. Maties het in die eindstryd teen die Paarl te staan gekom.



## Victory for Maties Cricket

Steinhoff Maties won the Boland Club T20 league after beating Pniel's Coronation in the final of the series. Opening batsman Mark van Heerden scored an unbeaten 101 runs off only 54

balls. Maties scored 191/4 in the 20 overs. Coronation was bowled out for only 50. Steinhoff Maties also recently won the Boland League Championships (50-over competition) for the third year in a row.

## Water Polo Club's national players

In water polo, Alex van der Walt was included in the SA u.19 women's team that took part in the 2014 World Youth Championships in Madrid, Spain, in August. Nicholas Schooling and Lood Rabie were chosen for the men's team for the 2014 Commonwealth Water Polo Championships in Scotland.

## Medals at the Commonwealth Games

Two members of the Maties Helderberg Sports Club for Disabled Athletes won medals at the Commonwealth Games in July. Fanie van der Merwe and Charl du Toit respectively won gold and silver in the 100 m (T37).

## Maties Rugby wen Superliga

Maties se rugbyspan het vir die derde jaar agtereenvolgens die Westelike Provinsie se Superliga gewen.





Fotokrediet: Ernst van Dyk



UCI Wêreldkampioenskappe 2014.  
Fotokrediet: City of Greenville

## Geen 'vervaldatum' vir **superster Ernst**

Die rolstoelatleet en lid van die Maties-Helderberg Sportklub vir Atlete met Gestremdhede, Ernst van Dyk (41), het in April 'n ongeëwenaarde tiende oorwinning in die rolstoelafdeling van die jaarlikse Boston Marathon behaal. Hy is ook vanjaar die beste rolstoelatleet (marathonafstand) en beste handfietsryer in die wêreld. **Pia Nanny** het Ernst met 'n klompie vroeë gepeper.

**Tien Boston Marathons! Die eerste nege was almal op 'n streep, maar die tiende een het jou vir 'n paar jaar ontwyk?** Ek het nommer 9 in 2010 gewen. In die twee jaar daarna het ek 'n vaste werk gehad wat baie druk op my oefening en voorbereiding geplaas het. As jy op hierdie vlak kompeteer, moet jy heeltemal in beheer wees van jou daaglikse skedule. Ná ek daardie pos verlaat het, het dit 'n jaar geneem om my oefenprogram, skedule en balans weer na my sin te kry. Eers toe was nommer 10 moontlik. Die geld moes egter van iewers kom en ek het my eie maatskappy, Enabled Sport, gestig. Ons versprei sporttoerusting wêreldwyd aan persone met gestremdhede. Ek werk van die huis, bepaal my eie ure en hoeveel stres ek toelaat. So bly ek in beheer.

**Het jy 'n spesifieke strategie vir die marathon gevolg?** Wat vir my gewerk het vir die meeste van my oorwinnings, behalwe een, was om van die begin af weg te breek en dan 'n 42 km-tydtoets op my eie te doen. Hiervoor moet jy 110% voorbereid wees – dis moeilik op jou eie en te weet daar is drie of vier ouens wat saamwerk en jou jaag. Vanjaar het ek geweet die selfvertroue was daar, my voorbereiding was goed genoeg en daarom kon ek dit doen.

**Op watter punt het jy geweet jy het gewen?** Die hele marathon was baie spannend. Daar was twee outjies van Japan wat baie goed is – een het al voorheen die marathon gewen. Hulle het saamgewerk en ek kon hulle die hele tyd sien as ek omkyk. Ek het eers in die laaste 600m geweet ek gaan wen.

**So lank dinge goed gaan en ek gesond bly, is daar geen rede waarom ek 'n vervaldatum op myself moet sit nie.**

**Wat maak Boston so spesiaal?** Elke roete lyk anders, en Boston werk net vir my – die uitdagings op die roete pas my net beter as die ander deelnemers. En dit vind in April plaas, wat beteken ons kom net uit ons somer uit.

**Jou grootste sportprestasies en toekennings?** My tien oorwinnings in Boston en die Laureus-sporttoekenning in 2006.

**Jy is 'n trotse alumnus van die Universiteit Stellenbosch.** Ek was die eerste gestremde

persoon wat die graad in Sportwetenskap behaal het. Ek moes hard veg daarvoor en mure platslaan vir ander mense wat na my gekom het. Ek het in my honneursjaar myself afgerig en dit het my gekry waar ek vandag is. Toe ek begin het, was Paralimpiese sport glad nie op die horison nie. Ek moes leer hoe om myself af te rig. Daarvoor moes ek die kennis hê en daardie kennis kon ek net kry deur die graad te verwerf.

**Jy het 'n lewe benewens sport. Vertel ons daarvan.** Ek het my gesin, my vrou (Suzanne) en twee dogtertjies Lexi (6) en Sunél (2). Dis vir my baie lekker om van die huis af te werk sodat ek die kort jare waarin hulle groot word naby aan hulle kan spandeer. Ek is ook die president van die Wes-Kaapse Khoi-vereniging en vlieg die hele wêreld vol om motiveringstoesprake te lewer. Dan is daar ook my maatskappy, Enabled Sport.

**Is daar nog lewensideale en doelwitte?** Ek werk voluit vir Rio 2016. Ek hoop vir twee Goue medaljes, miskien selfs drie. Dit sal reeds my sewende Paralimpiese Spele wees. Dan sal die fokus skuif na Tokio 2020. So lank dinge goed gaan en ek gesond bly, is daar geen rede waarom ek 'n vervaldatum op myself moet sit nie.

## Nuwe hoofdirekteur vir Maties Sport

**M**aties Sport het in Augustus 'n nuwe hoofdirekteur, me Ilhaam Groenewald, aangestel. Sy was voorheen die Direkteur van Sportadministrasie aan die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK).

Me Jackie Wiese, die huidige Direkteur: Sport, tree aan die einde van 2014 af na amper 35 jaar by Maties Sport. Sy was 25 jaar betrokke by Maties Hokkie en het daarna as direkteur gedien.

Wiese sê sy vertrou Groenewald sal ondersteuning geniet, "want sport verdien dit".

Groenewald se kwalifikasies is in besigheidsadministrasie, maar haar passie lê by sportbestuur en -ontwikkeling.


Sy het en beklee steeds verskeie posisies in die hoërsonderwys-sportomgewing waaronder die eerste visepresident van Universiteitsport Suid-Afrika (USSA) en

lid van SASKOK se groot geleentheid en transformasiekommissies. Sy is 'n Varsity Cup-trustee en 'n uitvoerende komiteelid van Varsity Sports.

"Ek sien daarna uit om saam met Maties Sport se personeel te werk om sport by die US vorentoe te neem."

Vir haar diens aan Maties Sport is Wiese by die jaarlikse Maties Sport-erekleuredinee vereer. "Jou passie, inisiatief en deursettingsvermoë spreek boekdele van jou liefde vir Maties Sport en die toegewyde manier waarop jy jou verskeie rolle oor die jare benader het. Jackie, Maties Sport bedank jou, en wil jou graag met die volgende gedagte laat: 'Eenmaal 'n Matie, altyd 'n Matie,' het 'n videohuldeblyk gelui.

Wiese sê dit was 'n voorreg om te kon help verseker dat die US 'n voorkeur bestemming bly en dat die ondersteuning daar was daar was om "drome", soos



Me Jackie Wiese en me Ilhaam Groenewald  
(Foto: Hennie Rudman)

die kunstgrashokkie- en sokkervelde en nuwe Olimpiese-standaard swembad, te laat realiseer.

Sy is egter realisties oor die uitdagings: "Van die minder as 12 000 studente in die 80's na bykans 30 000 tans, kon ons sportfasiliteite en infrastruktuur nie by die groei tred hou nie. Dringende en noodsaaklike investering is steeds nodig om mededingend te bly."

Diversiteit en verteenwoordigende Maties sportspanne is ook 'n uitdaging sê sy.

Met die aanstelling van 'n eerste Hoofdirekteur: Sport bevestig die Universiteitsbestuur die belangrikheid van sport by die US.

"Ek glo ons kan nog groter hoogtes bereik en 'n voorkeur bestemming vir sportprestasies én die verwerping van 'n graad bly." ■



6-15 Maart 2015

KAARTJIES BESKIKBAAR BY COMPUTICKET VANAF 9 DESEMBER 2014


www.woordfees.co.za

Computicket the ticket you can TRUST



# Oorlewingsgids onder Sonop se Argief-skenking

Onder die dokumente wat die Universiteitsargief van Huis Van Niekerk, of eerder Sonop soos meeste Maties die koshuis ken, ontvang het, is 'n Karnaval oorlewingsgids. **Karliën Breedt**, US-argivaris, vertel meer.



**N**a 'n onlangse beroep wat die Universiteit Stellenbosch (US) Argief op koshuise, individue, personeel en alumni gedoen het om dokumente en foto's – papier of elektroniese formaat – aan die Argief vir veilige bewaring te skenk, het die vrouekoshuis Sonop 'n interessante versameling dokumente aan die Argief geskenk.

Dié waardevolle versameling sluit notules van Huiskomiteevergaderings en jaarverslae in, maar ook 'n "Karnaval oorlewingsgids." Karnaval was natuurlik vir lank die naam wat Maties vir Jool gebruik het.

Vir dié groot jaarlikse gebeurtenis beveel die oorlewingsgids onder meer aan dat Sonoppers eerder te vroeg kreatief begin dink as te laat en dat jy eers jou joolgids moet lees, "anders vra jy *stupid* vrae en irriterer almal by die Jool-seminaar."

En dan is daar is daar ook die raad om die "vlotte-man, die HK van die seunskoshuis verantwoordelik vir vlotte", se nommer op joufoon te hou en in Desember vakansie met mekaar te praat. Maar, sê die gids, indien dinge te veel raak, haal asem, DIS NET JOOL!" en "As die goed op jou lysis gereël is, Stop! SWOT ... eksamens is om die draai."

Met raad soos hierdie, wie sal dan nie Karnaval kan oorleef nie?

## Huis Van Niekerk

Die besluit om 'n "dameskoshuis" aan die bo-ent van Victoriastraat op te rig, wat ook later 'n koshuis vir "here studente" kan word op voorwaarde van die weldoener, is reeds in 1937 geneem.

Jan Abraham van Niekerk het oorspronklik 'n verlangse familielid as begunstigter in sy testament aangewys, maar toe

hy te hore kom dat dié student nie van plan was om te gaan boer nie, het hy feitlik sy hele boedel aan die US bemaak. Die koshuis se amptelike naam was dus Huis van Niekerk, maar het gou eerder as Sonop begin bekendstaan.

Huis Van Niekerk word in 1938 as vrouekoshuis betrek, maar daar hang 'n swaard oor die vroue se koppe: Sonop mag dalk 'n manskoshuis word! Alhoewel hierdie nie 'n ongegronde vrees was nie, het die eerste mansstudente die koshuis eers in 1983 betrek – met aanvanklik 'n veilige afskorting tussen mans en vroue. Hul verblyf was egter van korte duur, aangesien hulle vir 39 vrouestudente uit Huis ten Bosch moes plek maak, nadat hierdie koshuis gebrand het. Na dit toe weer 'n vrouekoshuis geword het, het die proses hom in die 1990s herhaal. In 1996 het Sonop Hombregeword om mansstudente te akkommodeer. In 2000 verrys Sonop weer uit die as en word opnuut weer 'n vrouekoshuis – soos dit vandag nog daarna uitsien.

## Koshuis-versamelings

Versamelings vanuit koshuise bied 'n baie waardevolle blik op die menslike en sosiale sy van die Universiteit – in teenstelling met baie van die administratiewe dokumentasie waaroor die Argief beskik. In koshuis-dokumente leer jy die inwoners ken en beleef jy deur hulle geskrifte iets van die nie-akademiese sy van die Universiteit en dit is dan ook dikwels na hierdie gebeure waarna met nostalgie terug gekyk word.

In hierdie verband dus 'n baie groot dankie aan Jahne Maree van Sonop vir haar moeite en aan prof Wessel Visser van die Departement Geskiedenis wat die proses gefasiliteer het. ■

## Bring terug daai US-eetgerei!

Die Universiteit begin sy vere regskud vir sy eeufeesvieringe wat reeds in 2016 afskop. Dit is dus die ideale geleentheid vir 'n ieder en 'n elk om materiaal aan die US Argief te skenk.

Dalk het jy nog van daardie besonder skaars Ursula Stander (US) eetgerei wat jy nie meer onthou waar jy dit gekry het nie, die Harmonie parkering bordjie wat bokant jou braaiplek pryk, of jou koshuis se rugbytrui uit vervloë jare.

Met 'n belofte van 'geen vervolging', nooi ons jou om dit aan die Argief vir veilige bewaring te skenk. As die item of dokument met 'n interessante storie gepaard gaan – soveel te beter!

Materiaal word verwerk, opgeneem in die Argiefdatabasis en uiteindelik beskikbaar gestel aan navorsers, alumni en ander belangstellendes.

Skakel met die US Argivaris, **Karliën Breedt**, by tel 021 808 2314, e-pos [argief@sun.ac.za](mailto:argief@sun.ac.za) of besoek [www.sun.ac.za/argief](http://www.sun.ac.za/argief)



LEADING REAL ESTATE AGENCY  
IN STELLENBOSCH FOR  
OVER 42 YEARS

CONTACT TODAY | Tel : 021 887 4740 | [annabasson.co.za](http://annabasson.co.za)

STELLENBOSCH P.O.R

4 Bedroomed main house | 5 Bedroomed cottage and a bachelor unit | 4 Garages & loft WEB 8120

**PRIME POSITION**  
Wine farm with red cultivars in one of the best terroirs of Stellenbosch. Lovely views. Farm management and wine production can be done by neighbouring winery. Perfect position situated with easy access and close to Cape Town and the Airport.  
Contact : 021 887 4740

DE ZALZE WINELANDS GOLF ESTATE R11 900 00

4 Bedrooms | 4 Bathrooms | 2 Garages WEB 8031

**DE ZALZE WINELANDS GOLF ESTATE**  
Modern family home designed for spectacular sunset views. Open-plan living areas that lead to covered patio and pool.  
Contact : 021 887 4740

STELLENBOSCH R5 000 000

3 Bedrooms | 2 Bathrooms | 2 Secure parkings WEB 8078

**UPMARKET APARTMENT WITH VIEWS**  
Penthouse with the best views in town. Great security. Modern finishes.  
Contact : 021 887 4740

STELLENBOSCH R1 890 000

1 Bedrooms | 1 Bathroom | 1 Secure parking WEB 7965

**IN THE HEART OF STELLENBOSCH**  
Spacious one bedroom full bathroom apartment. North facing with underfloor heating, air conditioner and balcony  
Contact : 021 887 4740

STELLENBOSCH R1 188 000

2 Bedrooms | 1 Bathroom | Open Parking WEB 8124

**FLAT WITH VIEWS IN A SECURITY COMPLEX**  
Ideal for the businessman, lock up & go. Beautiful views, quiet area. Do not miss out on this one.  
Contact : 021 887 4740

STELLENBOSCH R2 300 000

3 Bedrooms | 3 Bathrooms | 2 Garages WEB 8038

**WELGEVONDEN SECURITY ESTATE**  
Feel like living on a farm, with your own olive trees? Extra study nook, outdoor braai area and patios.  
Contact : 021 887 4740

STELLENBOSCH R1 175 000

Bachelor | 1 Bathroom | 1 Basement Parking WEB 8127

**UPMARKET FLAT IN CBD**  
Ideal lock up and go apartment. No need to use your vehicle. Get the Stellenbosch feeling! Good security.  
Contact : 021 887 4740

STELLENBOSCH R1 480 000

Bachelor | 1 Bathroom | 1 Undercover Parking WEB 8070

**ON CAMPUS**  
Position Position! Ground floor bachelor on campus. Newly renovated. All furniture included.  
Contact : 021 887 4740





# ANDRINGA WALK

STELLENBOSCH

"I bought the best address in Stellenbosch."


*Dale Steyn*  
Dale Steyn

OCCUPATION COMMENCES NOV 2014  
RENTALS NOW AVAILABLE

We are on show daily in the Stellenbosch Eikestad Mall.  
120 Luxury apartments from R1.4 million.  
Make Andringa Walk your home.

*life.* STYLED

[www.pamgolding.co.za/andringa-walk](http://www.pamgolding.co.za/andringa-walk)



SALES **Vanessa Johnson** 082 588 7007 | [vanessa.johnson@pamgolding.co.za](mailto:vanessa.johnson@pamgolding.co.za)  
RENTALS **Suzette Kruger** 061 463 3890 | [suzette.kruger@pamgolding.co.za](mailto:suzette.kruger@pamgolding.co.za)



Pam Golding Properties  
An international Associate of Savills

